(*b*) as die vliegtuig nie vaartlopend is nie, die ononderbroke wit agterlig in regulasie 16.2 omskryf.

(3) *Wanneer die vliegtuig voor anker of vasgemeer is.*—'n Ononderbroke wit voorlig wat rondom die horison op 'n afstand van minstens 1 myl (1.5 kilometer) sigbaar is, en verder—

(*a*) as die vliegtuig meer as 150 voet (50 meter) lank is, 'n ononderbroke wit lig agter, wat rondom die horison op 'n afstand van minstens 1 myl (1·5 kilometer) sigbaar is; en

(*b*) as die vliegtuig se span 150 voet (50 meter) of meer is, 'n ononderbroke wit lig aan elke kant om die maksimum dwarsafmetings aan te wys, wat sover doenlik rondom die horison op 'n afstand van minstens 1 myl (1·5 kilometer) sigbaar is.

Opmerking 1.—'n Vliegtuig op die water is „ varende " wanneer hy nie aan die grond of aan 'n vaste voorwerp op land of in die water vasgemeer is nie.

Opmerking 2.—'n Vliegtuig is „ onder beheer " wanneer hy ooreenkomstig hierdie standaarde of die regulasies ter voorkoming van aanvarings op see gemaneuvreer kan word.

Opmerking 3.—'n Vliegtuig is „ vaartlopend " wanneer hy op die water varende is en snelheid het ten opsigte van die water.

16.4. In alle gevalle waar 'n vliegtuig ligte moet voer, moet 'n glyvliegtuig 'n rooi lig wat sover moontlik in alle rigtings sigbaar is, voer.

16.5. In die geval van weiering van 'n lig wat by hierdie regulasies voorgeskryf word, moet die gesagvoerder van die lugvaartuig die lugverkeersleiding onmiddellik daarvan in kennis stel of, as dit nie moontlik is nie, land sodra hy dit sonder gevaar kan doen, as die lig nie onmiddellik herstel kan word nie.

HOOFSTUK 17.

Optiese nood- en spoedseine.

17.1. Die bepalings hierna belet nie 'n lugvaartuig wat in nood verkeer, om enige middel tot sy beskikking te gebruik om die aandag te trek, sy plek bekend te maak en hulp te verkry nie.

Noodseine.

17.2. Onderstaande seine, hetsy tesame of afsonderlik gebruik, beteken dat 'n lugvaartuig hom in groot en onmiddellik dreigende gevaar bevind en dringend om hulp vra:—

(1) Die Morsesein ... — — — ...

(2) Opeenvolgende ligkoeëls, by kort tussenpose afgeskiet, wat elkeen 'n enkele rooi lig vertoon.

(3) Die tweevlagsein wat met die letters NC van die internasionale seinkode ooreenstem.

(4) Die „ afstandsein ", bestaande uit 'n vierkantige vlag met 'n bal of enigiets wat na 'n bal lyk, bo of onder.

URGENCY SIGNALS.

17.3. (1) The following signals, used either together or separately, shall mean that an aircraft wishes to give notice of difficulties which compel it to land without requiring immediate assistance:—

(*a*) By day: A succession of white pyrotechnical lights.

(*b*) By night: A succession of white pyrotechnical lights or by repeatedly switching on and off the lights displayed by the aircraft in such a manner as to be distinctive from the flashing lights described in regulation 16.2.

(2) The following signals, used either together or separately, shall mean that an aircraft has an urgent message to transmit concerning its own safety, or that of an aircraft, ship, or other vehicle; or the safety of any person on board or within sight:—

(*a*) A succession of green pyrotechnical lights.

(*b*) A succession of green flashes with signal apparatus.

CHAPTER 18.

GROUND AND LIGHT SIGNALS FOR THE CONTROL OF AERODROME TRAFFIC.

18.1. When ground and light signals are displayed for the control of aerodrome traffic, they shall be as follows:—

(1) *Directional light signals.*

(*a*) To aircraft in flight.

(i) A steady green light shall mean "CLEARED TO LAND".

(ii) A steady red light shall mean "GIVE WAY TO OTHER AIRCRAFT AND CONTINUE CIRCLING".

(iii) A series of green flashes shall mean "RETURN FOR LANDING". This signal shall be followed at the proper time by a steady green light.

(iv) A series of red flashes shall mean "AERODROME UNSAFE: DO NOT LAND".

(*b*) *To aircraft on the aerodrome.*

(i) A steady green light shall mean "CLEARED FOR TAKE-OFF".

(ii) A steady red light shall mean "STOP".

(iii) A series of green flashes shall mean "CLEARED TO TAXI".

(iv) A series of red flashes shall mean "TAXI CLEAR OF LANDING AREA IN USE".

(v) A flashing white light shall mean "RETURN TO STARTING POINT ON AERODROME".

(2) *Pyrotechnical Signals.*

The firing of a red pyrotechnical light, whether by day or night and notwithstanding any previous instruction shall mean "DO NOT LAND FOR THE TIME BEING".

(3) *Ground Signals.*

(*a*) A horizontal red square panel with yellow diagonals shall indicate that landings at the aerodrome concerned are prohibited and that the prohibition is liable to be prolonged.

(*b*) A horizontal red square panel with one yellow diagonal shall indicate that owing to the bad state of the movement area, or for any other reason special precautions should be observed in approaching to land or in landing.

(*c*) A horizontal white dumb-bell shall indicate that aircraft are required to land or take-off on a runway.

SPOEDSEINE.

17.3. (1) Onderstaande seine, tesame of afsonderlik gebruik, beteken dat 'n lugvaartuig wil bekendmaak dat hy hom in moeilikheid bevind wat hom genoodsaak om te land, sonder dat hy onmiddellike hulp nodig het:—

(*a*) Bedags: 'n Opeenvolging van wit ligkoeëls.

(*b*) Snags: 'n Opeenvolging van wit ligkoeëls of die aanhoudend aan- en afskakeling van die ligte wat deur die lugvaartuig gevoer word, op so 'n manier dat dit van die flitsende ligte in regulasie 16.2 omskryf, onderskei kan word.

(2) Onderstaande seine, tesame of afsonderlik gebruik, beteken dat 'n lugvaartuig 'n dringende berig aangaande sy eie veiligheid, dié van 'n lugvaartuig, skip of ander voertuig of dié van iemand aan boord of in sig, wil uitsend:—

(*a*) 'n Reeks groen ligkoeëls.

(*b*) 'n Reeks groen flitse met seintoestelle.

HOOFSTUK 18.

GROND- EN LIGSEINE VIR DIE REËLING VAN VLIEGVELDVERKEER.

18.1. Wanneer grond- en ligseine vir die reëling van vliegveldverkeer gebruik word, moet hulle as volg wees:—

(1) *Aanwysingsligseine.*

(*a*) Aan lugvaartuie wat vlieg.

(i) 'n Ononderbroke groen lig beteken „GEMAGTIG OM TE LAND".

(ii) 'n Ononderbroke rooi lig beteken „WYK VIR ANDER LUGVAARTUIE UIT EN HOU AAN MET SIRKEL".

(iii) 'n Reeks groen flitsende ligte beteken „KEER TERUG VIR LANDING". Hierdie sein moet op die regte tyd deur 'n ononderbroke groen lig gevolg word.

(iv) 'n Reeks rooi flitsende ligte beteken „VLIEGVELD ONVEILIG: MOENIE LAND NIE".

(*b*) *Aan lugvaartuie op die vliegveld.*

(i) 'n Ononderbroke groen lig beteken „GEMAGTIG OM OP TE STYG".

(ii) 'n Ononderbroke rooi lig beteken „STOP".

(iii) 'n Reeks groen flitsende ligte beteken „GEMAGTIG OM TE RY".

(iv) 'n Reeks rooi flitsende ligte beteken „RY BUITE LANDINGSTERREIN IN GEBRUIK".

(v) 'n Flitsende wit lig beteken „KEER TERUG NA VERTREKPLEK OP VLIEGVELD".

(2) *Ligkoeëlseine.*

Ondanks enige vorige voorskrifte beteken die afsskiet van 'n rooi ligkoeëlsein „MOET VOORLOPIG NIE LAND NIE".

(3) *Grondseine.*

(*a*) 'n Horisontale rooi vierkantige paneel met geel diagonale dui aan dat landings op die betrokke vliegveld verbode is en dat die verbod verleng kan word.

(*b*) 'n Horisontale rooi vierkantige paneel met een geel diagonaal dui aan dat spesiale voorsorgmaatreëls by binneswewing om te land of by landing getref moet word weens die slegte toestand van die maneuvreerterrein of om enige ander rede.

(*c*) 'n Horisontale wit halter dui aan dat lugvaartuie op 'n aanloopbaan moet land of opstyg.

(*d*) Crosses of a single conspicuous colour, preferably white, displayed horizontally on the manoeuvring area shall indicate the limits of an area unfit for the movement of aircraft. In the case of runways and taxiways, the crosses shall be displayed at each end of the unserviceable part.

Directions for landing or Take-off.

(*e*) A horizontal landing "T" of conspicuous colour shall indicate the direction to be used by aircraft for landing or taking off; i.e., along the shaft of the "T" towards the cross arm.

(*f*) A tetrahedron of conspicuous colour shall indicate the direction to be used by aircraft for landing or taking off, i.e., in the direction towards which the tetrahedron points.

(*g*) A black ball displayed on a mast and clearly visible to aircraft on the movement area shall indicate that the direction of take-off is to be verified with the aerodrome control.

(*h*) A horizontal disc of conspicuous colour displayed alongside the cross-piece of a landing "T" in line with its shaft shall be used as a cautionary signal to indicate that a single direction is not being used for all landings and take-offs.

(*i*) Sets of two digits displayed vertically at or near the aerodrome control tower and clearly visible to aircraft on the manoeuvring area shall indicate to such aircraft the direction for take-off, expressed in units of ten degrees to the nearest degrees of the magnetic compass.

(*j*) The letter "C" displayed vertically in black against a yellow background and clearly visible to aircraft on the manoeuvring area shall indicate the place at which pilots-in-command of aircraft should report when required.

18.2. When in the opinion of an air-traffic controller it is necessary to temporarily restrict the use of an aerodrome to aircraft which are not in two-way radio communication with the air-traffic control station a red and white checkered flag 3 feet 6 in. by 5 feet 6 in. shall be flown from a mast and a red and white checkered board each side of which shall measure 10 feet shall be displayed within the signal area as an indication to such aircraft in the air that they are to keep a safe distance from the aerodrome and are not to land and to such aircraft on the ground that they are to clear the runway in use.

In addition a red flashing beacon at an airfield may also indicate that that airfield is temporarily restricted to aircraft not in two-way communication with the air traffic control.

18.3. The Commissioner for Civil Aviation may temporarily suspend the application of all or any of the rules contained in this part with reference to any aerodrome in the Republic which is open to public use.

18.4. (1) Where any such suspension is for the time being in force with respect to any aerodrome, there shall be placed horizontally in the signal area, a red square panel, every side of which shall measure at least ten feet in length.

(2) If during such suspension, it is prescribed among other things that circuits outside the landing area and those for taking off and landing are to be right-handed, the red square panel shall, along two adjacent sides, be bordered by a red rectangular panel at least 3 feet in width, separated from the central panel by at least 3 feet. At the extremity of one of the rectangular panels shall be placed a red triangle so as to indicate that the direction of the circuit is right-handed.

In addition a green flag, 3 feet 6 in. by 5 feet 6 in. shall be flown from a mast situated in the signal area. If, however, the only object of the suspension is that circuits should be right-handed, the red square panel shall not be displayed.

(*d*) Kruise van een helder kleur, by voorkeur wit, horisontaal op die maneuvreerterrein vertoon, dui die grense van die terrein wat vir die maneuvrering van lugvaartuie ongeskik is, aan. In die geval van aanloopbane en rybane moet die kruise aan elke end van die ondienstige deel vertoon word.

Aanwysings vir landing of opstyging.

(*e*) 'n Horisontale landings-T van 'n opvallende kleur dui die rigting aan waarin 'n lugvaartuig moet land of opstyg, d.w.s. langs die steel van die T in die rigting van die dwarsarms.

(*f*) 'n Viervlak van 'n helder kleur dui die rigting aan waarin die lugvaartuig moet land of opstyg, d.w.s. die rigting waarna die viervlak wys.

(*g*) 'n Swart bal op 'n mas wat vir lugvaartuie op die maneuvreerterrein duidelik sigbaar is, dui aan dat die opstygrigting by die vliegveld se verkeersleiding geverifieer moet word.

(*h*) 'n Horisontale skyf van 'n helder kleur langs die dwarsstuk van 'n landings-T op een lyn met sy steel word gebruik as waarskuwingsein om aan te dui dat 'n enkele rigting nie vir alle landings en opstygings gebruik word nie.

(*i*) Stelle van twee syfers vertikaal by of naby die vliegveld se verkeerstoring vertoon en duidelik sigbaar vir lugvaartuie op die maneuvreerterrein, dui vir die lugvaartuie die opstygrigting aan in eenhede van tien grade tot die naaste grade van die magnetiese kompas.

(*j*) Die letter „C" in swart, vertikaal teen 'n geel agtergrond vertoon en duidelik sigbaar vir lugvaartuie op die maneuvreerterrein, dui die plek aan waar die gesagvoerders van lugvaartuie hulle moet aanmeld wanneer nodig.

18.2. Wanneer dit na die mening van 'n lugverkeersleier nodig is om die gebruik van 'n vliegveld tydelik te beperk tot lugvaartuie wat nie in send- en ontvangradioverbinding met die lugverkeersleidingstasie is nie, moet 'n rooi en wit geruite vlag, 3 voet 6 duim, by 5 voet 6 duim van 'n mas gevoer word en moet 'n rooi en wit geruite bord waarvan elke kant 10 voet lank is, binne die seinveld vertoon word as aanduiding vir lugvaartuie in die lug dat hulle 'n veilige afstand van die vliegveld moet bewaar en nie moet land nie, en vir lugvaartuie op die grond dat hulle die aanloopbaan in gebruik moet ontruim.

Daarbenewens kan 'n rooi flikkerbaken by 'n vliegveld ook aandui dat daardie vliegveld tydelik beperk is tot lugvaartuie wat nie in send- en ontvangradioverbinding met die lugverkeersleiding is nie.

18.3. Die Kommissaris van Burgerlugvaart kan die toepassing van al die reëls in hierdie deel vervat, of van enigeen daarvan, met betrekking tot 'n vliegveld in die Republiek wat vir openbare gebruik beskikbaar is, tydelik opskort.

18.4. (1) Waar so 'n opskorting tydelik van toepassing is op 'n vliegveld, moet 'n rooi vierkantige paneel, tien voet by tien voet, horisontaal in die seinveld geplaas word.

(2) As daar terwyl die opskorting van toepassing is, onder andere voorgeskryf word dat die kringvlugte buite die landingsterrein en dié voor opstyging en landing regsom moet geskied, moet die rooi vierkantige paneel langs twee aangrensende kante omrand wees met 'n rooi reghoekige paneel minstens 3 voet wyd, en minstens 3 voet van die middelpaneel af. Aan die end van een van die reghoekige panele moet 'n rooi driehoek geplaas word om aan te dui dat die rigting van die kringvlug regsom is.

Verder moet 'n groen vlag, 3 voet 6 duim, by 5 voet 6 duim, van 'n mas in die seinveld gevoer word. As die doel van die opskorting egter alleen is dat kringvlugte regsom moet geskied, hoef die rooi vierkantige paneel nie vertoon te word nie.

CHAPTER 19.

AIR TRAFFIC CONTROL RULES.

19.1. For the purpose of this Chapter the word "control" means "air traffic control".

AUTHORITY.

19.2. Air traffic control service shall have the authority to issue all clearances and instructions required by pilots-in-command operating within control areas.

COMBINED FUNCTIONS.

19.3. Where two or more of the functions described in this Chapter are performed by a single control unit, that unit shall apply the provisions relevant to each type of control during the time it performs such duties.

GENERAL.

19.4. (1) To promote the safe and expeditious movement of aircraft, the minister may establish the control service to control the successive stages of flight through the following units:—

(*a*) *Aerodrome control*, which is responsible for providing control of VFR traffic of an aerodrome and in the immediate vicinity of an aerodrome and control of IFR traffic when it has been transferred to it from area or approach control or until it is handed over by it to area or approach control.

(*b*) *Approach control*, which is responsible for providing a control service for IFR traffic arriving at or departing from or operating in the vicinity of one or more specified aerodromes when such traffic has been handed over to it by area or aerodrome control. Approach control will handle incoming traffic passed to it from area control until such traffic is in visual reference to the ground and can be handed over to aerodrome control, or until given permission to transfer to aerodrome control and outgoing traffic will be handled by approach control from the time it is received from aerodrome control until it is handed over to area control.

(*c*) *Area control*, which is responsible for providing control for IFR traffic operating within a control area when not under the jurisdiction of approach or aerodrome control and for the co-ordination of control of IFR traffic with approach controls within its control area and with adjacent area controls.

(2) Such control, when operative, shall be solely responsible.

(3) *Master Aerodrome.*—A master aerodrome control is responsible for the co-ordination of control of all aerodrome traffic for the aerodromes placed under its responsibility.

(4) *Flight Information Centre.*—A flight information centre shall provide aircraft with information on the risk of collision with other aircraft of which the movements are known and on request shall provide such other information as is available.

CONTROL PRINCIPLES.

19.5. (1) Control being based on precise knowledge of aircraft movements. Pilots-in-command shall, while within controlled areas or zones, keep control informed of all details and shall—

(*a*) file flight plans;

(*b*) adhere to the details of these flight plans while in flight;

(*c*) transmit amendments to the flight plan;

(*d*) transmit position reports during flight.

HOOFSTUK 19.

REËLS VAN DIE LUGVERKEERSLEIDING.

19.1. Die woord „leiding" in hierdie hoofstuk beteken „lugverkeersleiding".

BEVOEGDHEID.

19.2. Die lugverkeersleiding het die bevoegdheid om alle magtigings en instruksies wat nodig is vir gesagvoerders wat binne verkeersreëlingsgebiede vlieg, uit te reik.

GESAMENTLIKE WERKSAAMHEDE.

19.3. Wanneer twee of meer van die werksaamhede in hierdie hoofstuk beskryf, deur 'n enkele verkeersleidingseenheid verrig word, moet die eenheid die bepalings wat betrekking het op elke tipe verkeersleiding toepas gedurende die tyd wanneer hy die werksaamhede verrig.

ALGEMEEN.

19.4. (1) Teneinde die veilige en vinnige beweging van lugvaartuie te bevorder, kan die Minister die verkeersleidingsdiens instel om die agtereenvolgende stadiums van vlugte deur onderstaande eenhede te reël:—

(*a*) *Vliegveldverkeersleiding*, wat verantwoordelik is vir die leiding van VFR-verkeer op 'n vliegveld en in die onmiddellike omgewing van 'n vliegveld en die leiding van IFR-verkeer wanneer dit van die gebiedverkeersleiding of die naderingsleiding oorgeplaas is of totdat dit aan die gebiedverkeersleiding of die naderingsleiding oorgedra word.

(*b*) *Die naderingsleiding*, wat verantwoordelik is vir die verskaffing van 'n leidingsdiens vir IFR-verkeer wat by een of meer van die gespesifiseerde vliegvelde aankom, daarvan vertrek of in die nabyheid daarvan in gebruik is, wanneer die verkeer deur die gebieds- of vliegveldverkeersleiding aan hom oorgedra is. Die naderingsleiding sal binnekomende verkeer wat deur die gebiedverkeersleiding aan hom oorgedra word, reël totdat die verkeer in sigsverband met die grond is en aan die vliegveldverkeersleiding oorgedra kan word of totdat toestemming verleen word om dit aan die vliegveldverkeersleiding oor te dra. Die vertrekkende verkeer word deur die naderingsleiding gereël van die tyd wanneer dit van die vliegveldverkeersleiding oorgeneem word totdat dit aan die gebiedverkeersleiding oorgedra word.

(*c*) *Gebiedverkeersleiding*, wat verantwoordelik is vir die leiding van IFR-verkeer binne 'n verkeersleidinggebied wanneer dit nie onder die beheer van die naderings- of vliegveldverkeersleiding is nie, en vir die koördinering van die leiding van IFR-verkeer met naderingsleidings binne sy verkeersreëlinggebied en met gebiedverkeersleidings in die nabyheid.

(2) Wanneer dié leiding in werking is, dra dit alleen verantwoordelikheid.

(3) *Hoofvliegveld.*—'n Hoofvliegveldverkeersleiding is verantwoordelik vir die koördinering van die verkeersleiding van alle vliegveldverkeer vir die vliegvelde wat sy verantwoordelikheid is.

(4) *Vlieginligtingsentrale.*—'n Vlieginligtingsentrale verstrek aan lugvaartuie inligting in verband met die gevaar van botsings met ander lugvaartuie waarvan die bewegings bekend is, en verstrek op versoek ander inligting wat beskikbaar is.

LEIDINGSBEGINSELS.

19.5. (1) Aangesien die verkeersleiding op 'n noukeurige kennis van lugvaartuigbewegings gebaseer is, moet gesagvoerders binne verkeersreëlinggebiede of -sones die verkeersleiding op die hoogte van alle besonderhede hou en moet—

(*a*) vlugsplanne indien;

(*b*) hulle aan die besonderhede van hierdie vlugsplanne hou terwyl hulle vlieg;

(*c*) wysigings van die vlugsplan meedeel;

(*d*) plekmelding doen terwyl hulle vlieg.

(2) Pilots-in-command shall comply with air traffic control clearances and instructions; they may, however, propose amendments to these clearances and instructions, such amendments shall not be applied prior to receiving authorisation to do so from control.

(3) In exceptional circumstances pilots-in-command may depart from the provisions of their flight plans, clearances or control instructions (see regulation 15.6) in which event the deviation shall be reported to the appropriate control unit as soon as possible.

(4) Air traffic control shall be conducted in either of the official languages or by means of the international "Q" code.

(5) Air traffic control shall notify the appropriate search and rescue agencies when aircraft are known or believed to be in distress; also when aircraft are overdue by more than 25 per cent of their estimated flight time, but in this case not less than 1 hour overdue.

APPROACH CONTROL.

19.6. (1) Pilots-in-command shall be responsible for applying approach control rules:—

(*a*) *On Departure.*—From the moment the aircraft arrive at the holding post at the entry to the take-off runway and are requested by aerodrome control to make contact with approach control, up to the time that approach control instructs them to establish contact with area control.

(*b*) *On Arrival.*—From the time area control instructs them to establish contact with approach control up to the moment their landing is completed, or until passed to aerodrome control by approach control.

APPROACH PROCEDURES.

(2) Pilots-in-command shall apply the approach procedures as prescribed by the Commissioner for Civil Aviation from time to time.

FAILURE TO DEPART WITHIN CLEARANCE PERIOD.

19.7. The pilot-in-command of an aircraft which fails to depart within the specified clearance period given with his air traffic clearance is required to re-clear his intended departure.

CHANGEOVER FROM INSTRUMENT FLIGHT TO VISUAL FLIGHT CONDITIONS.

19.8. Whenever the pilot-in-command of an aircraft making an IFR approach finds himself in VFR conditions, he shall immediately so notify approach control, but shall continue his flight in accordance with IFR until such time as the approach control has authorised him to apply VFR.

MISSED APPROACH.

19.9. If the pilot-in-command of an aircraft misses his approach, he shall apply the missed approach procedure as laid down for that aerodrome and immediately so inform approach control, which will give him the necessary additional instructions.

DIVERSION PROCEDURE.

19.10. If the pilot-in-command of an aircraft making an approach estimates that he cannot make a landing, he must immediately so inform approach control which, if necessary, will give all the required instructions for landing at another aerodrome.

AREA CONTROL.

19.11. (1) Pilots-in-command shall in IFR conditions be responsible for applying area control rules when entering an area in which area control is in operation.

(2) Gesagvoerders moet die bepalings van magtigings en instruksies van die lugverkeersleiding nakom, maar kan egter wysigings van hierdie magtigings en instruksies voorstel. Hierdie wysigings moet nie toegepas word voordat magtiging daartoe van die verkeersleiding ontvang word nie.

(3) Onder buitengewone omstandighede kan gesagvoerders afwyk van die bepalings van hulle vlugsplanne, magtigings of verkeersleiding-instruksies (sien regulasie 15.6); in dié geval moet die regte verkeersleiding-eenheid so gou moontlik in kennis gestel word daarvan.

(4) Lugverkeersleiding moet in die een of die ander van die amptelike tale of deur middel van die internasionale „Q"-kode uitgevoer word.

(5) Die lugverkeersleiding moet die regte soek- en reddingsorganisasies in kennis stel wanneer dit bekend is of daar gemeen word dat lugvaartuie in nood verkeer, asook wanneer lugvaartuie met meer as 25 persent van hul berekende vliegtyd, maar in hierdie geval minstens 1 uur, laat is.

NADERINGSLEIDING.

19.6. (1) Gesagvoerders is daarvoor verantwoordelik om verkeersleidingsreëls as volg toe te pas:—

(*a*) *By vertrek.*—Van die oomblik waarop die lugvaartuie by die wagplek by die ingang tot die opstyg-aanloopbaan aankom en deur die vliegveldverkeersleiding versoek word om met die naderingsleiding in verbinding te tree, totdat die naderingsleiding hulle gelas om met die gebiedverkeersleiding in verbinding te tree.

(*b*) *By aankoms.*—Van die tyd wanneer die gebiedverkeersleiding hulle gelas om met die naderingsleiding in verbinding te tree totdat die landing voltooi is of totdat hulle deur die naderingsleiding aan die vliegveldverkeersleiding oorgedra word.

BINNESWEEFPROSEDURE.

(2) Gesagvoerders moet die binnesweefprosedure wat van tyd tot tyd deur die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgeskryf word, toepas.

VERSUIM OM BINNE DIE TYDPERK VAN DIE MAGTIGING TE VERTREK.

19.7. Die gesagvoerder van 'n lugvaartuig wat versuim om binne die tydperk wat in sy lugverkeersmagtiging vasgestel is, te vertrek, moet opnuut magtiging tot sy voorgenome vertrek verkry.

VERANDERING VAN INSTRUMENTVLIEG- NA SIGVLIEGTOESTANDE.

19.8. Wanneer die gesagvoerder van 'n lugvaartuig wat volgens die IFR binnesweef, hom in VFR-toestande bevind, moet hy die naderingsleiding onmiddellik in kennis stel daarvan, maar hy moet sy vlug ooreenkomstig die IFR voortsit tot tyd en wyl die naderingsleiding hom gemagtig het om die VFR toe te pas.

NIE-GESLAAGDE BINNESWEWING.

19.9. As die gesagvoerder van 'n lugvaartuig nie daarin slaag om binne te sweef nie, moet hy die prosedure vir nie-geslaagde binneswewing toepas, soos vir die vliegveld vasgestel, en die naderingsleiding onmiddellik daarvan in kennis stel. Laasgenoemde sal hom die nodige verdere instruksies gee.

AFLEIDINGSPROSEDURE.

19.10. As die gesagvoerder van 'n lugvaartuig wat 'n vliegveld nader, skat dat hy nie kan land nie, moet hy die naderingsleiding onmiddellik in kennis stel daarvan. Laasgenoemde sal indien nodig al die nodige instruksies vir landing by 'n ander vliegveld uitreik.

GEBIEDVERKEERSLEIDING.

19.11. (1) Gesagvoerders is onder IFR-toestande verantwoordelik vir die toepassing van gebiedverkeersleidingreëls wanneer hulle 'n gebied waar gebiedsverkeersleiding in werking is, binnegaan.

(2) When entering a control area, or immediately after leaving an aerodrome inside a control area, the pilot-in-command of an aircraft making an IFR flight shall report his position to the area controller and comply with regulation 15.7 (2).

(3) Before leaving a control area, the pilot-in-command of an aircraft shall transmit to the area controller the time at which he expects to cross the boundary, and request permission to leave the watch of such area control in order to communicate with the controller of the area control he is about to enter.

AERODROME CONTROL.

19.12. Where there is an aerodrome control, two or more aeroplanes shall not land or take-off in formation except with the consent of such control.

19.13. Air-traffic control may, as regards arrivals and departures, give priority to aircraft operating in accordance with a flight plan clearance over aeroplanes not so engaged.

19.14. An aircraft which is unable to communicate by radio with the air-traffic control shall, before landing at an aerodrome having an aerodrome control, make a circuit of the aerodrome for the purpose of observing the traffic and reading such ground markings and signals as may be displayed thereon, unless it has the consent of the aerodrome control to do otherwise.

IFR TRAFFIC.

19.15. Under IFR conditions pilots-in-command must comply with aerodrome control rules:—

(1) *On Departure.*—From the moment the aircraft commences taxying on the ground to the time of arrival at the holding post at the entry to the take-off runway in use and until aerodrome control instructs that contact shall be made with the approach control.

(2) *On Arrival.*—From the moment that landing is completed to the time the aircraft stops at it parking point on the unloading area.

OPERATION FROM NON-CONTROLLED AERODROME.

19.16. At aerodromes at which aerodrome control is not operating, the pilot-in-command of an aircraft, shall insofar as is practicable, make all landings and take-offs into wind, and—

(1) landing shall be preceded by a descent in a straight line commencing at such a distance from the perimeter of an aerodrome as is common to the ordinary course of navigation for the aircraft type concerned, provided that the commencement of such straight line shall not be nearer the perimeter of an aerodrome than 500 yards;

(2) aircraft, after taking off, shall not alter course from their take-off course, at any altitude lower than 400 feet above the terrain, unless the terrain does not permit.

NON-RUNWAY AERODROMES.

19.17. At aerodromes at which the operation of aircraft is not restricted to prepared runways, aircraft, when landing and taking off, shall, as far as possible, observe the following rules:—

(1) Aircraft shall approach and land on the right of any aircraft which has already landed, is about to land or which is taking off or about to take off.

(2) aircraft shall take-off on the right of any aircraft which is already taking off;

(3) aircraft, when manoeuvring on the ground, shall normally do so in the direction of landing, but aircraft may cross the landing area if, in the course of crossing, all turns are made to the left and the aircraft gives way to all aircraft landing and taking off.

(2) Wanneer 'n verkeersreëlinggebied binnegegaan word of onmiddellik nadat dit verlaat word, moet die gesagvoerder van 'n lugvaartuig wat volgens die IFR vlieg, sy plek aan die gebiedverkeersleier meld en regulasie 15.7 (2) nakom.

(3) Voordat 'n verkeersreëlinggebied verlaat word, moet die gesagvoerder van 'n lugvaartuig die gebiedverkeersleier in kennis stel van die tyd wanneer hy verwag om die grens oor te steek en toestemming vra om die leidingsverbinding van die verkeersreëlinggebied te verbreek ten einde met die verkeersleier van die verkeersreëlinggebied wat hy op die punt staan om binne te gaan, in verbinding te tree.

VLIEGVELDVERKEERSLEIDING.

19.12. Waar vliegveldverkeersleiding bestaan, mag twee of meer lugvaartuie nie in formasie land of opstyg nie, behalwe met die toestemming van die verkeersleiding.

19.13. Wat betref lugvaartuie wat aankom en vertrek, kan die lugverkeersleiding aan lugvaartuie wat ooreenkomstig 'n vlugsplanmagtiging vlieg, voorrang gee, bo lugvaartuie wat nie so vlieg nie.

19.14. Voordat 'n lugvartuig wat nie deur middel van radio met die lugverkeersleiding in verbinding kan tree nie, by 'n vliegveld met vliegveldverkeersleiding land, moet hy 'n kringvlug om die vliegveld uitvoer om die verkeer waar te neem en die grondwerke en seine wat daarop voorkom te lees, tensy hy die toestemming van die vliegveldverkeersleiding het om iets anders te doen.

IFR-VERKEER.

19.15. Onder IFR-toestande moet gesagvoerders die reëls van die vliegveldverkeersleiding as volg nakom:—

(1) *By vertrek.*—Van die comblik wanneer die lugvaartuig op die grond begin ry totdat hy by die wagplek by die ingang tot die opstyg-aanloopbaan in gebruik aankom en totdat die vliegveldverkeersleiding opdrag gee dat hy met die naderingsleiding in verbinding moet tree.

(2) *By aankoms.*—Van die oomblik wanneer die landing voltooi is tot die tyd wanneer die lugvaartuig op sy parkeerplek op die aflaaiterrein stilhou.

VLIEG VAN VLIEGVELD SONDER VERKEERSLEIDING.

19.16. By vliegvelde waar vliegveldverkeersleiding nie in werking is nie, moet die gesagvoerder van 'n lugvaartuig sover doenlik teen die wind op land en opstyg en—

(1) moet landing voorafgegaan word deur 'n daling in 'n reguit lyn wat begin op die afstand van die omtrek van 'n vliegveld wat gebruiklik is by vlieg met die betrokke tipe lugvaartuig, mits die reguit lyn minstens 500 tree van die omtrek van 'n vliegveld af moet begin;

(2) moet lugvaartuie na opstyging nie op 'n hoogte van minder as 400 voet bokant die terrein van hul opstygkoers afwyk nie tensy die terrein dit nie toelaat nie.

VLIEGVELDE SONDER AANLOOPBANE.

19.17. By vliegvelde waar lugvaartuie nie tot aangelegde aanloopbane beperk word nie, moet hulle by opstyging en landing sover moontlik onderstaande reëls nakom:—

(1) Lugvaartuie moet regs van 'n lugvaartuig wat reeds geland het, gaan land, besig is om op te styg of gaan opstyg, binnesweef en land.

(2) Lugvaartuie moet regs opstyg van 'n lugvaartuig wat alreeds besig is om op te styg.

(3) Maneuvrering van 'n lugvaartuig op die grond moet gewoonlik in die landingsrigting gedoen word, maar lugvaartuie kan nie die landingsterrein oorsteek as alle draaie linksom gemaak word en die lugvaartuig vir ander lugvaartuie wat land en opstyg, uitwyk terwyl hy oorsteek.

CHAPTER 20.

SEARCH AND RESCUE.

EQUIPMENT TO BE CARRIED.

20.1. All South African aircraft to be operated on an intended flight of more than 20 nautical miles from the point of departure shall carry—

(1) a copy of the Ground-Air Emergency Signalling Code (Appendix J);
(2) four strips of white material not less than 8 feet by 2 feet;
(3) a mirror (other than glass);
(4) the means of igniting a fire for signalling purposes.

ALERTING OF SEARCH AND RESCUE AGENCIES.

20.2. (1) Any person who knows or believes an aircraft to be in distress shall notify the nearest air-traffic control centre or police station.

(2) Any air-traffic control centre which knows or believes an aircraft to be in distress shall take the action laid down from time to time by the Commissioner for Civil Aviation regarding the institution of search and rescue procedures by the prescribed agency.

BREAK-IN AREA MARKINGS ON AIRCRAFT.

20.3. If areas of the fuselage suitable for break-in by rescue crews in emergency are marked on an aircraft, such areas shall be marked as shown in Appendix N.

CHAPTER 21.

TAXI RULES.

GENERAL.

21.1. The provisions of sub-regulation (2) shall apply to aircraft and vehicles or water craft which are moving on the movement area of an aerodrome; provided that, in the case of a water aerodrome, the application of the provisions of this Chapter to aircraft and water craft manoeuvring under their own power on the water shall be subject to the provisions of regulation 13.21 (1).

RULES.

21.2. (1) Aircraft which are landing or taking off shall be given free way by other aeroplanes and by vehicles or water craft.

(2) An aircraft, after landing, shall move clear of the landing strip in use as soon as it is possible to do so.

(3) A vehicle or water craft which is towing an aircraft shall be given free way by other vehicles and water craft and by aircraft which are not landing or taking off.

(4) An aircraft shall be given free way by a vehicle or water craft which is not towing an aircraft.

(5) An aircraft, vehicle, or water craft which is obliged by the provisions of this paragraph to give free way to another shall, if necessary in the circumstances in order to do so, reduce its speed or stop.

(6) If danger of collision exists between an aircraft, vehicle or water craft and another aircraft, vehicle or water craft, such of the following procedures as may be appropriate in circumstances shall be applied:—

(*a*) When the two are approaching head on or nearly head on, each shall alter its course to the right;
(*b*) when one is overtaking the other, the one which is overtaking shall keep out of the way of the other by altering its course to the right and no subsequent change in the relative positions of the two shall absolve the one which is overtaking from this obligation until it is finally past and clear of the other;

HOOFSTUK 20.

SOEK- EN REDDINGSWERK.

UITRUSTING WAT AAN BOORD MOET WEES.

20. 1. Alle Suid-Afrikaanse lugvaartuie wat vir 'n voorgenome vlug van meer as 20 seemyl van die vertrekplek af gebruik gaan word, moet onderstaande aan boord hê: —

(1) 'n Eksemplaar van die Grondlugnoodseinkode (Byvoegsel J).
(2) Vier stroke wit materiaal minstens 8 voet by 2 voet.
(3) 'n Spieël (van iets anders as glas).
(4) Middels om 'n vuur aan te steek om seine te stuur.

WAARSKUWING VAN SOEK- EN REDDINGSORGANISASIES.

20.2. (1) Enigeen wat weet of vermoed dat 'n lugvaartuig in nood verkeer, moet die naaste lugverkeersleidingsentrum of polisiekantoor daarvan verwittig.

(2) 'n Lugverkeersleidingsentrum wat weet of vermoed dat 'n lugvaartuig in nood verkeer, moet die stappe doen wat van tyd tot tyd deur die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgeskryf word betreffende die optousit van soek- en reddingswerk deur die voorgeskrewe organisasie.

OOPBREEKPLEKMERKE AAN LUGVAARTUIE.

20.3. Indien gedeeltes van die romp geskik vir oopbreek deur reddingsgeselskappe aan 'n vliegtuig gemerk is, moet sulke gedeeltes soos in Byvoegsel N aangedui, gemerk word.

HOOFSTUK 21.

RYREËLS.

ALGEMEEN.

21.1. Die bepalings van subregulasie (2) is van toepassing op lugvaartuie en voertuie of vaartuie wat op die maneuvreerterrein van 'n vliegveld beweeg; met dien verstande dat, in die geval van 'n watervlieghawe, die toepassing van die bepalings van hierdie hoofstuk op lugvaartuie en vaartuie wat met eie krag op die water maneuvreer, aan die bepalings van regulasie 13.21 (1) onderworpe is.

REËLS.

21.2.(1) Aan lugvaartuie wat land of opstyg moet vry baan gegee word deur ander vliegtuie en deur voertuie of vaartuie.

(2) Na landing moet 'n lugvaartuig so gou doenlik van die landingstrook in gebruik afgaan.

(3) Voertuie en vaartuie en lugvaartuie wat nie land of opstyg nie, moet aan 'n voertuig of 'n vaartuig wat 'n lugvaartuig sleep, vry baan gee.

(4) 'n Voertuig of 'n vaartuig wat nie 'n lugvaartuig sleep nie, moet aan 'n lugvaartuig vry baan gee.

(5) 'n Lugvaartuig, voertuig of vaartuig wat ingevolge die bepalings van hierdie paragraaf 'n vry baan aan ander moet gee, moet, indien nodig sy snelheid verminder of stilhou om dit te doen.

(6) As gevaar van 'n botsing tussen 'n lugvaartuig, voertuig of vaartuig en 'n ander lugvaartuig, voertuig of vaartuig bestaan, moet onderstaande stappe wat onder die omstandighede toepaslik is, gedoen word:—

(*a*) Wanneer die twee kop aan kop op mekaar afry, moet albei hul koers na regs verlê.
(*b*) Wanneer die een die ander een inhaal, moet die een wat van agter af nader, uit die ander een se pad bly deur sy koers na regs te verander, en geen latere verandering in die relatiewe posisies van die twee, onthef die een wat verbygaan van hierdie verpligting nie, totdat hy heeltemal verby en weg van die ander een af is.

(*c*) subject to the provisions of sub-regulation (2) when the two are on converging courses, the one which has the other on its right shall give way to the other and shall avoid crossing ahead of the other unless passing well clear of it.

(7) A vehicle moving along a runway or taxi-way shall as far as practicable keep to the right side of the runway or taxi-way.

(8) When an aircraft is being towed, the person in charge of the towing vehicle or water craft shall be responsible for compliance with the provisions of this Chapter.

21.3. At a land aerodrome, when aerodrome control is in operation, the movements of aircraft and vehicles on the movement area shall be subject to control by means of the movement signals described in Chapter 18 and no aircraft or vehicle shall proceed on to the movement area and, in the case where a runway is in use, on to that runway, until it has received permission to do so.

21.4. Nothing in this Chapter shall relieve the pilot-in-command of an aircraft or the person in charge of a vehicle or water craft from the responsibility for taking such action as will best aid to avert collision.

CHAPTER 22.

AERODROMES.

General.

22.1. (1) No place in the Republic shall be used as a place of landing or departure by aircraft operated under the public transport, public transport of cargo and aerial work categories unless it has been licensed under these regulations; provided that—

(*a*) the Commissioner for Civil Aviation may on application approve of certain demarcated areas being used as forced landing grounds for training purposes;

(*b*) that in special cases where no licensed aerodrome is reasonably available and the maximum weight of the aircraft does not exceed 3,500 lb. the pilot may use an area as a place of landing or departure by day when, after a personal and careful survey either from the air or from the ground, he is satisfied that such area substantially conforms to the minimum basic length of runway prescribed for the type of aircraft he is flying and that the approach areas are safe;

(*c*) aircraft operated under the aerial work category may be operated from a particular area of ground after the pilot has satisfied himself by means of a personal inspection that the area is suitable and adequate to the performance of the aircraft, and provided that no occupant other than the operating crew is carried.

(2) Nothing in these regulations shall be construed as conferring any right to land in any place as against the owner of the land or other persons interested therein, or as prejudicing the rights or remedies of any person in respect of any injury to persons or property caused by an aircraft.

Public Transport and Public Transport of Cargo.

22.2. Aircraft registered in the public transport and public transport of cargo categories shall, except as provided in regulation 22.1 or in an emergency, be operated only from licensed aerodromes of a basic length not less than that specified for such aircraft in the appropriate certificate of airworthiness; provided that the Commissioner for Civil Aviation may, in special cases and subject to such conditions as he deems fit to impose, approve of an aircraft being operated from an aerodrome of a basic length below that prescribed by the certificate of airworthiness.

(*c*) Wanneer die twee konvergerende koerse volg, moet die een wat die ander een aan sy regterkant het, behoudens die bepalings van subregulasie (2), vir die ander een uitwyk en moet hy nie voor die ander een verbygaan nie, tensy hy ver weg van hom af is.

(7) 'n Voertuig wat op 'n aanloopbaan of 'n rybaan ry, moet sover doenlik aan die regterkant van die aanloopbaan of rybaan bly.

(8) Wanneer 'n lugvaartuig gesleep word, is die persoon wat vir die sleepvoertuig of -vaartuig verantwoordelik is, vir die nakoming van die bepalings van hierdie hoofstuk verantwoordelik.

21.3. By 'n vliegveld wanneer vliegveldverkeersleiding in werking is, is die bewegings van lugvaartuie en voertuie op die maneuvreerterrein onderworpe aan verkeersleiding deur middel van die verkeerseine in Hoofstuk 18 beskryf, en mag geen lugvaartuig of voertuig op die maneuvreerterrein en, waar 'n rybaan in gebruik is, op die rybaan ry nie, tensy hy toestemming daartoe ontvang het.

21.4. Niks in hierdie hoofstuk vervat, onthef die gesagvoerder van 'n lugvaartuig of die persoon wat verantwoordelik is vir 'n voertuig of 'n vaartuig van die verantwoordelikheid om die stappe te doen wat die doeltreffendste sal wees om 'n botsing te voorkom nie.

HOOFSTUK 22.

VLIEGVELDE.

Algemeen.

22.1. (1) Geen plek in die Republiek mag as landings- of vertrekplek gebruik word deur lugvaartuie wat onder die kategorieë openbare vervoerdiens, openbare vragvervoerdiens en handelsonderneming gebruik word nie, tensy dit kragtens hierdie regulasies gelisensieer is; met dien verstande dat—

(*a*) die Kommissaris van Burgerlugvaart die gebruik van sekere afgebakende terreine as noodlandingsterreine vir opleiding op aansoek kan goedkeur;

(*b*) in spesiale gevalle waar geen gelisensieerde vliegveld binne 'n redelike afstand beskikbaar is nie en die maksimum gewig van die lugvaartuig hoogstens 3,500 lb. is, die vlieër bedags 'n terrein as landings- of vertrekplek kan gebruik as hy, nadat hy die terrein self noukeurig waargeneem het, hetsy uit die lug of op die grond, daarvan oortuig is dat die terrein in wese voldoen aan die vereistes betreffende die minimum basiese lengte van 'n aanloopbaan wat vir die tipe lugvaartuig waarmee hy vlieg, voorgeskryf is, en dat die binnesweefterreine veilig is;

(*c*) lugvaartuie wat in die kategorie handelsonderneming gebruik word, 'n bepaalde terrein kan gebruik nadat die vlieër, deur self die terrein te ondersoek, hom daarvan oortuig het dat die terrein geskik en toereikend is vir die prestasie van die lugvaartuig, en mits niemand anders as die bedryfsbemanning aan boord is nie.

(2) Niks in hierdie regulasies vervat, moet uitgelê word as verlening van die reg om te land op 'n plek tot nadeel van die eienaar van die grond of ander persone wat daarby belang het, of as benadeling van die regte of regsmiddels van 'n persoon ten opsigte van besering van persone of beskadiging van eiendom deur 'n lugvaartuig veroorsaak.

Openbare vervoerdiens en openbare vragvervoerdiens.

22.2. Lugvaartuie wat in die kategorieë openbare vervoerdiens of openbare vragvervoerdiens geklassifiseer is, moet, behalwe soos in regulasie 22.1 bepaal of ingeval van nood, alleen gebruik maak van gelisensieerde vliegvelde met 'n basiese lengte wat nie minder is nie as dié wat in die toepaslike lugwaardigheidsertifikaat vir die lugvaartuig voorgeskryf is; met dien verstande dat die Kommissaris van Burgerlugvaart in spesiale gevalle en behoudens die voorwaaardes wat hy goed ag, kan goedkeur dat 'n lugvaartuig kan gebruik maak van 'n vliegveld met 'n basiese lengte van minder as dié wat by die lugwaardigheidsertifikaat voorgeskryf word.

USE OF MILITARY AERODROMES.

22.3. Subject to the approval of the Minister of Defence the Commissioner for Civil Aviation may authorise the use of certain military aerodromes by civil aircraft.

RESTRICTIONS.

22.4. (1) The Commissioner for Civil Aviation may impose restrictions as to the use of an aerodrome and may limit or totally prohibit the operation of any aircraft not equipped with radio or the radio equipment of which is not complementary to the radio equipment installed for the control of air traffic at such aerodrome.

FLIGHTS BY NIGHT.

(2) The Commissioner for Civil Aviation may prohibit flights by night from or at any aerodrome at which adequate facilities for night flights are lacking or where the terrain or other objects in the vicinity of the aerodrome are such as to endanger aircraft engaged in night flights.

LANDING ON ROADS.

(3) Except in case of emergency no pilot shall use a public road as a place of landing or take-off.

APPOINTMENT OF AERODROME MANAGER.

22.5. The licensee of an aerodrome shall appoint an aerodrome manager which appointment shall be subject to approval by the Commissioner for Civil Aviation who may grant exemption from this requirement when in his opinion the traffic at an aerodrome does not warrant such appointment.

AERODROME EQUIPMENT.

22.6. (1) All aerodromes licensed for public use shall be equipped as prescribed in Appendix L.1.

GROUND AIDS.

(2) Where air-traffic control requirements necessitate the display of signal panels, a signal area and the signals prescribed in Appendix L.2 shall be provided.

STORAGE OF INFLAMMABLE GOODS.

22.7. Fuel, pyrotechnic stores and all highly inflammable matter shall be stored only in buildings or receptacles approved by the Commissioner for Civil Aviation for that purpose and bulk stores of pyrotechnics and fuel or other inflammable matter shall not be stored together.

SMOKING AT AERODROMES.

22.8. Smoking shall be prohibited—

(1) in or near hangars or buildings where fuel and other highly inflammable matter is stored; and

(2) within 50 feet of an aircraft.

Notices to this effect shall be prominently displayed.

LIGHTS WHICH ENDANGER THE SAFETY OF AIRCRAFT.

22.9. Whenever in the Republic any light or pattern of lights is exhibited—

(*a*) in the neighbourhood of an aeronautical light or system of aeronautical lights which, by reason of the possibility of it being mistaken for such aeronautical light or lights, is calculated to endanger the safety of aircraft; or

(*b*) which, being in the neighbourhood of an aerodrome, is liable by its glare to endanger the safety of aircraft arriving at or departing from such aerodrome,

the Commissioner for Civil Aviation may cause a notice to be served upon the owner of the place where the light is exhibited or upon the person having charge of the light or upon the person owning or having charge of the pattern of lights or any portion of such pattern, directing

GEBRUIK VAN MILITÊRE VLIEGVELDE.

22.3. Onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Verdediging kan die Kommissaris van Burgerlugvaart magtiging verleen tot die gebruik van sekere militêre vliegvelde deur burgerlugvaartuie.

BEPERKING.

B.1.14. (1) Iemand wat om 'n private glyvlieërslisensie aansoek doen, moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die uitreiking van 'n private glyvlieërslisensie;

(*b*) minstens 16 jaar oud wees;

(*c*) slaag in 'n eksamen waarin sy kennis van onderstaande getoets word:—

(i) Die Sigvliegvoorskrifte;

(ii) die grondbeginsels van—

lugvaartkaarte, meteorologie, met betrekking tot vlugte in glyvliegtuie, die kompas en instrumente wat in glyvliegtuie gebruik word;

die vliegleer en bedryfsbeperkings ten opsigte van glyvliegtuie;

(*d*) minstens drie vliegure in 'n glyvliegtuig wat vir oorlandse vlugte geskik is, voltooi het; die totaal van drie uur moet twee uur alleenvlug insluit, waarin hy minstens twintig opstygings en landings uitgevoer het; met dien verstande dat waar hy in besit is van 'n lisensie vir die bestuur van vliegtuie, hierdie bepaling minder streng toegepas kan word in ooreenstemming met sy peil van bedrewenheid en ondervinding;

(*e*) slaag in 'n praktiese vliegtoets met of onder die toesig van 'n persoon deur die Kommissaris van Burgerlugvaart gemagtig, waarin onderstaande getoets word:—

Sy vertroudheid met en sy vermoë om sowel normale as noodvlugmaneuvers wat gepas is vir 'n glyvliegtuig wat vir oorlandse vlugte geskik is, uit te voer met 'n mate van bekwaamheid wat hoort by 'n private glyvlieër.

(2) An applicant for the renewal of a private glider pilot licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be approved as satisfactory by the Commissioner for Civil Aviation for the renewal of a private glider pilot licence;

(*b*) submit to the Commissioner for Civil Aviation his pilot's logbook or a certificate signed by an approved person showing that he has completed not less than one hour of flight time as pilot-in-command of a glider during the twelve months immediately preceding the date of the application.

B.1.15. (1) An applicant for the issue of a flight navigator licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be approved by the Commissioner for Civil Aviation as satisfactory for the issue of a flight navigator licence;

(*b*) be not less than 21 years of age;

(*c*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation as to his knowledge of—

(i) the rules and regulations governing civil aviation which are pertinent to the navigation of aircraft;

(ii) the form of the earth and the celestial sphere, including—

definitions, units and formulae used in air navigation;
the practical properties and use of aeronautical charts;
the movement of heavenly bodies and their selection and identification for the purpose of observation and reduction of sights;

(iii) flight navigation, including—

air navigation facilities and procedures in current use;
pre-flight planning and en-route flight planning;
the keeping of navigation logs;
navigation by dead-reckoning;
navigation by the use of aeronautical charts;
navigation by radio; and
navigation by celestial observation;

(iv) the calibration and use of instruments and aircraft equipment used in flight navigation, including—

their principles of operation;
the errors to which they are subject and, where applicable, the methods of correction.

Any examination in this subject shall include practical tests in the use and adjustment of navigation equipment and the interpretation of radio aid identification signals;

(v) the meteorological elements and their general distribution and seasonal variations;
meteorological phenomena of concern to air navigation;
meteorological observations and the system of issue of meteorological reports for aviation;
the construction and analysis of synoptic charts;
the weather associated with pressure systems and fronts, and the principles of forecasting;

(*d*) have completed not less than two hundred hours of air navigation experience in aircraft engaged in cross-country flights including not less than fifty hours of cross-country flight by night, provided that—

(i) where he has had experience as a pilot engaged in air transportation, fifty per cent of the flight time so acquired may be credited towards one-half of the two hundred hours required above but shall not be credited towards the fifty hours of cross-country flight time;

(2) Iemand wat om die hernuwing van 'n private glyvlieërslisensie aansoek doen, moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die hernuwing van 'n private glyvlieërlisensie;

(*b*) aan die Kommissaris van Burgerlugvaart sy vlieërslogboek of 'n sertifikaat deur 'n goedgekeurde persoon onderteken, voorlê, waaruit blyk dat hy minstens een vlieguur as gesagvoerder van 'n glyvliegtuig gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van aansoek voltooi het.

B.1.15. (1) Iemand wat om die uitreiking van 'n boordnavigatorslisensie aansoek doen, moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die uitreiking van 'n boordnavigatorslisensie;

(*b*) 21 jaar oud wees;

(*c*) die Kommissaris van Burgerlugvaart tevrede stel aangaande sy kennis van onderstaande:—

(i) Die reëls en regulasies van toepassing op die burgerlugvaart, met betrekking tot die navigasie van lugvaartuie;

(ii) die vorm van die aarde en die hemelsfeer met inbegrip van—

definisies, eenhede en formules wat by lugnavigasie gebruik word;
die praktiese eienskappe en die gebruik van lugvaartkaarte;
die bewegings van hemelliggame en die keuse en uitkenning daarvan vir waarneming en herleiding van waarnemings;

(iii) vliegnavigasie, met inbegrip van—

lugnavigasiehulpmiddels en -prosedures wat tans in gebruik is;
die opstel van voorvlugsplanne en die opstel van planne onderweg;
die bou van navigasielogboeke;
gisbesteknavigasie;
navigasie met behulp van lugvaartkaarte;
radionavigasie en navigasie deur middel van waarneming van hemelliggame;

(iv) die yking en gebruik van instrumente en lugvaartuitrusting wat by vliegnavigasie gebruik word, met inbegrip van—

die beginsels van die gebruik daarvan;
die foute waaraan hulle onderhewig is, en waar dit van toepassing is, die maniere van verhelping.

'n Eksamen in hierdie vak moet praktiese toetse in die gebruik en verstelling van navigasieuitrusting en die vertolking van identifikasieseine vir radiohulpmiddels omvat;

(v) die meteorologiese elemente en hul algemene verspreiding en seisoenswisselinge;
meteorologiese verskynsels van belang vir lugnavigasie;
meteorologiese waarnemings en die stelsel van uitreiking van weerberigte vir die lugvaart;
die opstel en ontleding van sinoptiese kaarte;
die weer wat gepaard gaan met drukstelsels en fronte, en die beginsels van weersvoorspelling;

(*d*) minstens tweehonderd uur ondervinding van lugnavigasie opgedoen het in lugvaartuie op oorlandse vlugte, met inbegrip van minstens vyftig vliegure oorlands by nag; met dien verstande dat—

(i) waar hy ondervinding as vlieër in verband met lugvervoer opgedoen het, vyftig persent van die vliegtyd wat aldus opgedoen is, gereken kan word by die helfte van die tweehonderd uur wat hierbo vereis word, maar nie by die vyftig vliegure oorlands by nag nie;

(ii) where he is the holder of a certificate of competency, as master or mate of an ocean-going vessel, he shall have completed not less than one hundred hours' air navigation experience, including not less than fifty hours of cross-country flight by night;

(*e*) he shall produce evidence of having satisfactorily determined in flight his position by celestial observations not less than twenty-five times by night and not less than twenty-five times by day in conjunction with radio, altimetry or other aids to air navigation and of having applied them to the navigation of the aircraft;

(*f*) demonstrate to an approved person or produce evidence acceptable to the Commissioner for Civil Aviation that he has demonstrated in flight by day and by night, his competency in navigation of aircraft by dead-reckoning, celestial and other navigational methods.

NOTE.—An applicant who has satisfactorily completed a course of approved training in flight navigation shall be deemed to have met the experience requirements of subparagraphs (*d*) and (*e*).

(2) An applicant for the renewal of a flight navigator licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be approved by the Commissioner for Civil Aviation as satisfactory for the renewal of a flight navigator licence;

(*b*) submit to the Commissioner for Civil Aviation a certificate or his logbook showing that he has during the twelve months immediately preceding the application completed in the capacity of flight navigator not less than fifty hours of flight time of which not less than ten hours shall have been by night and not less than six celestial observations, the results of which he has applied to the navigation of aircraft.

B.1.16. (1) An applicant for a flight engineer licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be submitted to the Commissioner for Civil Aviation for approval as satisfactory for the issue of a flight engineer licence;

(*b*) be not less than 21 years of age;

(*c*) (i) have at least three years practical experience in the maintenance and repair of aircraft and aircraft engines of which at least one year shall have been in the maintenance and repair of multi-engine aircraft with a maximum authorised weight of at least 25,000 lb. (11,400 kilograms), or

(ii) have at least 500 hours of flight experience as pilot-in-command of multi-engine aircraft with a maximum authorised weight of at least 25,000 lb. (11,400 kilograms), or

(iii) have completed an approved course of ground and flight instruction in at least the items prescribed in Annexure B.1.1;

(*d*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation in a written examination, as to his knowledge of—

(i) the technical subjects detailed in Annexure B.1.;

(ii) the Air Navigation Regulations, 1950, which are pertinent to the duties of a flight engineer;

(*e*) submit to the Commissioner for Civil Aviation satisfactory evidence of having completed during the 12 months immediately preceding the date of the written examination, not less than 50 hours of flight training or the equivalent thereof in the performance of the duties of a flight engineer;

(*f*) demonstrate, or have demonstrated, in flight his competency in the duties of a flight engineer including competency in emergency procedures on board the type of aircraft to which the application relates.

(ii) waar hy in besit is van 'n bevoegdheidsertifikaat as gesagvoerder of stuurman van 'n oseaanvaartuig, hy minstens eenhonderd uur ondervinding van lugnavigasie moet opgedoen het, met inbegrip van minstens vyftig uur oorlandsvlieg by nag;

(*e*) bewys lewer dat hy op 'n vlug op bevredigende wyse sy plek bepaal het deur middel van waarneming van hemelliggame minstens vyf-en-twintig keer by nag en minstens vyf-en-twintig keer by dag in verband met radio, hoogtemeting of ander hulpmiddels vir lugnavigasie en dat hy die hulpmiddels op die navigasie van die lugvaartuig toegepas het;

(*f*) aan 'n goedgekeurde persoon toon of bewys lewer wat vir die Kommissaris van Burgerlugvaart aanneemlik is, dat hy by nag en by dag sy bekwaamheid om 'n lugvaartuig deur middel van gisbestek, waarneming van hemelliggame en ander navigasiemetodes te navigeer.

OPMERKING.—'n Applikant wat 'n kursus van goedgekeurde opleiding in vliegnavigasie bevredigend meegemaak het, word geag aan die vereistes betreffende ondervinding van subparagrawe (*d*) en (*e*) te voldoen het.

(2) Iemand wat om die hernuwing van 'n boordnavigatorslisensie aansoek doen, moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet deur die Kommissaris van Burgerlugvaart goedgekeur word as bevredigend vir die hernuwing van 'n boordnavigatorslisensie;

(*b*) aan die Kommissaris van Burgerlugvaart 'n sertifikaat of sy logboek voorlê, waaruit blyk dat hy gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van aansoek minstens vyftig vliegure in die hoedanigheid van boordnavigator voltooi het, waarvan minstens tien uur by nag was, en minstens ses waarnemings van hemelliggame uitgevoer het waarvan die resultate op die navigasie van die lugvaartuig toegepas is.

B.1.16. (1) Iemand wat om 'n boordingenieurslisensie aansoek doen, moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die uitreiking van 'n boordingenieurslisensie;

(*b*) minstens 21 jaar oud wees;

(*c*) (i) minstens drie jaar praktiese ondervinding opgedoen het van die onderhoud en reparasie van lugvaartuie en lugvaartuigmotore, en minstens een jaar van hierdie ondervinding moet ten opsigte van die onderhoud en reparasie van meermotorige lugvaartuie met 'n maksimum toelaatbare gewig van minstens 25,000 lb. (11,400 kilogram) wees, of

(ii) minstens 500 uur ondervinding as gesagvoerder van 'n meer motorige lugvaartuig met 'n maksimum toelaatbare gewig van minstens 25,000 lb. (11,400 kilogram) opgedoen het, of

(iii) 'n goedgekeurde grond- en vliegonderrigkursus in minstens die items voorgeskryf in Aanhangsel B.1.1, meegemaak het;

(*d*) die Kommissaris van Burgerlugvaart in 'n skriftelike eksamen oortuig van sy kennis van—

(i) dit tegniese vakke in Aanhangsel B.1.1 genoem;

(ii) die lugvaartregulasies, 1950, wat op die pligte van 'n boordingenieur betrekking het;

(*e*) aan die Kommissaris van Burgerlugvaart bevredigende bewys lewer dat hy gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skriftelike eksamen minstens vyftig uur vliegopleiding of die ekwivalent daarvan in die verrigting van die werksaamhede van 'n boordingenieur voltooi het;

(*f*) sy bevoegdheid in die verrigting van die werksaamhede van 'n boordingenieur, met inbegrip van bevoegdheid in noodprosedure aan boord van die tipe lugvaartuig waarop die aansoek betrekking het, in vlug toon of getoon het.

(2) An applicant for renewal of a flight engineer licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be submitted to the Commissioner for Civil Aviation for approval as satisfactory for the issue of a flight engineer licence;

(*b*) submit to the Commissioner for Civil Aviation his flight engineer logbook, or a certificate signed by an approved person, showing that he has completed, during the 12 months immediately preceding the date of application, not less than 50 hours' flight time in the performance of the duties of a flight engineer;

(*c*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation that during the three months immediately preceding the date of application—

(i) he has demonstrated in flight his competency in emergency procedures on board the type or types of aircraft for which his licence is rated and in respect of which type or types the renewal of such rating is applied for, or

(ii) he has demonstrated his competency in emergency procedures on a mechanical device or mechanical devices approved by the Commissioner for Civil Aviation as appropriate to the type or types of aircraft for which his licence is rated and in respect of which type or types the renewal of such rating is applied for.

(3) An applicant for an additional rating to a flight engineer licence shall—

(*a*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation, in a written examination, as to his knowledge of any or all of the subjects detailed in Part 2 of Annexure B.1.;

(*b*) submit to the Commissioner for Civil Aviation his flight engineer logbook or a certificate signed by an approved person, showing that he has completed during the 12 months immediately preceding the application not less than 50 hours' flight training or the equivalent thereof—the performance of the duties of a flight engineer on board the type of aircraft to which the application relates; or one of similar characteristics;

(*c*) demonstrates, or have demonstrated, in flight, his competence in the duties of a flight engineer, including competency in emergency procedures, on board the type of aircraft to which the application relates.

B.1.17. (1) An applicant for the issue of a flight radiotelephony operator licence shall—

(*a*) unless he is the holder of another valid flight crew member licence, undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be submitted to the Commissioner for Civil Aviation for approval as satisfactory for the issue of a flight radiotelephony operator licence;

(*b*) be not less than seventeen years of age;

(*c*) be the holder of a valid general certificate of proficiency in radiotelephony (aeronautical) or a valid second class certificate of proficiency in radiotelegraphy and radiotelephony (aeronautical) issued or recognised by the Postmaster-General.

(2) A flight radiotelephony operator licence entitles the holder to operate radiotelephone apparatus on board any aircraft registered in the Republic.

(3) An applicant for the renewal of a flight radiotelephony operator licence shall, unless he is the holder of another valid flight crew member licence, undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be submitted to the Commissioner for Civil Aviation for approval as satisfactory for the renewal of a flight radiotelephony operator licence.

(2) Iemand wat om die hernuwing van 'n boordingenieurslisensie aansoek doen, moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die hernuwing van 'n boordingenieurslisensie;

(*b*) aan die Kommissaris van Burgerlugvaart sy boordingenieurslogboek of 'n sertifikaat, deur 'n goedgekeurde persoon onderteken, voorlê waaruit blyk dat hy gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van aansoek minstens vyftig vliegure in die verrigting van die werksaamhede van 'n boordingenieur voltooi het;

(*c*) die Kommissaris van Burgerlugvaart daarvan oortuig dat hy gedurende die drie maande onmiddellik voor die datum van aansoek—

(i) in vlug sy bekwaamheid getoon het in noodprosedures aan boord die tipe lugvaartuig of tipes lugvaartuie waarvoor sy lisensie gegradeer is en ten opsigte waarvan daar aansoek gedoen word om die hernuwing van sodanige gradering, of

(ii) sy bekwaamheid in noodprosedures getoon het deur middel van 'n meganiese toestel of meganiese toestelle wat die Kommissaris van Burgerlugvaart goedgekeur het as geskik vir die tipe lugvaartuig of tipes lugvaartuie waarvoor sy lisensie gegradeer is en ten opsigte waarvan daar aansoek gedoen word om die hernuwing van sodanige gradering.

(3) Iemand wat om 'n ekstra graad by 'n boordingenieurslisensie aansoek doen, moet—

(*a*) die Kommissaris van Burgerlugvaart in 'n skriftelike eksamen oortuig van sy kennis van enigeen of al die vakke in Deel 2 van Aanhangsel B.1.1 genoem;

(*b*) aan die Kommissaris van Burgerlugvaart sy boordingenieurslogboek of 'n sertifikaat, deur 'n goedgekeurde persoon onderteken, voorlê waaruit blyk dat hy gedurende die twaalf maande onmiddellik vóór die datum van aansoek minstens vyftig uur vliegopleiding of die ekwivalent daarvan in die verrigting van die werksaamhede van 'n boordingenieur aan boord van die tipe lugvaartuig waarop die aansoek betrekking het, of een met soortgelyke eienskappe, voltooi het;

(*c*) sy bevoegdheid in die verrigting van die werksaamhede van 'n boordingenieur, met inbegrip van bevoegdheid in noodprosedures aan boord van die tipe lugvaartuig waarop die aansoek betrekking het, in vlug toon of getoon het.

B.1.17. (1) Iemand wat om die uitreiking van 'n boordradiotelefonis se lisensie aansoek doen, moet—

(*a*) tensy hy in besit is van 'n ander geldige lisensie vir 'n boordbemanningslid, die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die uitreiking van 'n boordradiotelefonis se lisensie;

(*b*) minstens sewentien jaar oud wees;

(*c*) in besit wees van 'n geldige algemene bekwaamheidsertifikaat as radiotelefonis (lugvaart) of 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in radiotelegrafie en radiotelefonie, tweede klas (lugvaart) wat deur die Posmeester-generaal uitgereik of erken word.

(2) 'n Boordradiotelefonis se lisensie magtig die houer om radiotelefoontoestelle aan boord enige lugvaartuig wat in die Republiek geregistreer is, te bedien.

(3) Iemand wat aansoek doen om die hernuwing van 'n boordradiotelefonis se lisensie moet, tensy hy in besit is van 'n ander geldige lisensie vir 'n boordradiobemanningslid, die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die hernuwing van 'n boordradiotelefonis se lisensie.

B.1.18. (1) An applicant for the issue of a flight radiotelegraphy operator (first class) licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be submitted to the Commissioner for Civil Aviation for approval as satisfactory for the issue of a flight radiotelegraphy operator (first class) licence;

(*b*) be not less than eighteen years of age;

(*c*) be the holder of a valid first class certificate of proficiency in radiotelegraphy and radiotelephony (aeronautical) issued or recognised by the Postmaster-General;

(*d*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation that he has satisfactorily performed the duties of a flight radiotelegraphy operator in aircraft in flight for a period of not less than twenty-five hours during the twelve months immediately preceding the date of application;

(*e*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation that he has had not less than four months' approved manual radiotelegraphy operating experience, or experience which in the opinion of the Commissioner for Civil Aviation is of equivalent value and that this experience has been gained during a period reasonably recent in relation to the date of application.

(2) A flight radiotelegraphy operator (first class) licence entitles the holder to operate radiotelephony, radiotelegraphy and ancillary radio apparatus on board any aircraft registered in the Republic.

(3) An applicant for the renewal of a flight radiotelegraphy operator (first class) licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be submitted to the Commissioner for Civil Aviation for flight radiotelegraphy operator in aircraft in flight for a period of not less than twenty-five hours during the twelve months immediately preceding the date of application.
radiotelegraphy operator licence;

(*b*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation that he has satisfactorily performed the duties of a approval as satisfactory for the renewal of a flight

B.1.19. (1) An applicant for the issue of a flight radiotelegraphy operator (second class) licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be submitted to the Commissioner for Civil Aviation for approval as satisfactory for the issue of a flight radiotelegraphy operator (second class) licence;

(*b*) be not less than eighteen years of age;

(*c*) be the holder of a valid second class certificate of proficiency in radiotelegraphy and radiotelephony (aeronautical) issued or recognised by the Postmaster-General;

(*d*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation that he has satisfactorily performed the duties of a flight radiotelegraphy operator (second class) in aircraft in flight for a period of not less than twenty-five hours during the twelve months immediately preceding the date of application.

(2) A flight radiotelegraphy operator (second class) licence entitles the holder to operate within the Republic radiotelephony, radiotelegraphy and ancillary radio apparatus on board any aircraft registered in the Republic.

(3) An applicant for the renewal of a flight radiotelegraphy operator (second class) licence shall—

(*a*) undergo the medical examination prescribed in Appendix H, the result of which shall be submitted to the Commissioner for Civil Aviation for approval as satisfactory for the renewal of a flight radiotelegraphy operator (second class) licence;

(*b*) satisfy the Commissioner for Civil Aviation that he has satisfactorily performed the duties of a flight radiotelegraphy operator (second class) in aircraft in flight for a period of not less than twenty-five hours during the twelve months immediately preceding the date of application.

B.1.18. (1) Iemand wat aansoek doen om die uitreiking van 'n boordradiotelegrafis (eerste klas) se lisensie moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die uitreiking van 'n boordradiotelegrafis (eerste klas) se lisensie;

(*b*) minstens agtien jaar oud wees;

(*c*) in besit wees van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat as radiotelegrafis en radiotelefonis, eerste klas (lugvaart), wat deur die Posmeester-generaal uitgereik of erken word;

(*d*) die Kommissaris van Burgerlugvaart daarvan oortuig dat hy vir 'n tydperk van minstens vyf-en-twintig uur gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van aansoek die werksaamhede van 'n boordradiotelegrafis in 'n lugvaartuig in vlug bevredigend verrig het;

(*e*) die Kommissaris van Burgerlugvaart daarvan oortuig dat hy minstens vier maande goedgekeurde ondervinding in die bediening van handradiotelegrawe of ondervinding wat na die mening van die Kommissaris van Burgerlugvaart gelykwaardig is, opgedoen het, en dat die ondervinding in 'n tydperk redelik kort voor die datum van aansoek opgedoen is.

(2) 'n Boordradiotelegrafis (eerste klas) se lisensie magtig die houer om radiotelefoon-, radiotelegraaf- en hulpradiotoestelle aan boord van enige lugvaartuig wat in die Republiek geregistreer is, te bedien.

(3) Iemand wat aansoek doen om die hernuwing van 'n boordradiotelegrafis (eerste klas) se lisensie moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die hernuwing van 'n boordradiotelegrafis se lisensie;

(*b*) die Kommissaris van Burgerlugvaart daarvan oortuig dat hy vir 'n tydperk van minstens vyf-en-twintig uur gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van aansoek die werksaamhede van 'n boordradiotelegrafis in 'n lugvaartuig in vlug bevredigend verrig het.

B.1.19. (1) Iemand wat aansoek doen om die uitreiking van 'n boordradiotelegrafis (tweede klas) se lisensie moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die uitreiking van 'n boordradiotelegrafis (tweede klas) se lisensie;

(*b*) minstens agtien jaar oud wees;

(*c*) in besit wees van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat in radiotelegrafie en radiotelefonie, tweede klas (lugvaart), wat deur die Posmeester-generaal uitgereik of erken word;

(*d*) die Kommissaris van Burgerlugvaart daarvan oortuig dat hy vir 'n tydperk van minstens vyf-en-twintig uur gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van aansoek die werksaamhede van 'n boordradiotelegrafis (tweede klas) in 'n lugvaartuig in vlug, bevredigend verrig het.

(2) 'n Boordradiotelegrafis (tweede klas) se lisensie magtig die houer om in die Republiek radiotelefoon- en radiotelegraaf- en hulpradiotoestelle aan boord van enige lugvaartuig wat in die Republiek geregistreer is, te bedien.

(3) Iemand wat aansoek doen om die hernuwing van 'n boordradiotelegrafis (tweede klas) se lisensie moet—

(*a*) die geneeskundige ondersoek in Byvoegsel H voorgeskryf, ondergaan, en die uitslag moet aan die Kommissaris van Burgerlugvaart voorgelê word vir goedkeuring as bevredigend vir die hernuwing van 'n boordradiotelegrafis (tweede klas) se lisensie;

(*b*) die Kommissaris van Burgerlugvaart daarvan oortuig dat hy vir 'n tydperk van minstens vyf-en-twintig uur gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van aansoek die werksaamhede van 'n boordradiotelegrafis (tweede klas) in 'n lugvaartuig in vlug, bevredigend verrig het.

ANNEXURE B.1.1.

TECHNICAL SUBJECTS FOR THE EXAMINATIONS FOR—
AIRLINE TRANSPORT PILOT LICENCE;
SENIOR COMMERCIAL PILOT LICENCE;
COMMERCIAL PILOT LICENCE;
PRIVATE PILOT LICENCE;
FLIGHT ENGINEER LICENCE.

1. The technical examination for the issue and extension of the above classes of licences is in two parts, as follows:—

Part 1, which deals with general subjects.
Part 2, which deals with subjects relating specifically to the type of aircraft for which application is made.

2. Applicants accepted for examination for the issue of a licence will be required to answer questions to demonstrate their knowledge in respect of the subjects detailed in Parts 1 and 2 below.

3. Applicants accepted for examination for an additional rating to their licence will be required to answer questions to demonstrate their knowledge in respect of only those subjects detailed in Part 2 below.

PART 1.—GENERAL.

1. Elementary principles of theory of flight, definition of terms, e.g., airflow, forces on an aircraft, straight and level flight, relation between speed and angle of attack, angle of incidence, lift/drag ratio, stability, centre of pressure, flaps and slots.

2. Properties of air, density, pressure, relationship between pressure, density and temperature, and their effect on aircraft and engine performance, Isothermal Atmosphere, International Standard Atmosphere.

3. The action to be taken as a result of a serious defect, or a heavy landing.

4. The principles of operation of engines and their component parts and accessories.

5. Definition of the terms associated with propellers; function of constant speed, fully feathering and braking propellers.

6. Direction of movement of controls; principles of operation and function of trimming, servo or balance tabs and alternative devices.

7. Elementary knowledge of electricity and magnetism; definition of terms, e.g. volts, amperes, ohms, watts, alternating and direct current, aircraft batteries—charging and functioning.

PART 2.—TECHNICAL EXAMINATION ON TYPE OF AIRCRAFT FOR WHICH APPLICATION IS MADE.

NOTE.—The examination in the following subjects will be confined to the type of aircraft in respect of which application is made.

1. Operational limitations of the aircraft, including its engines.

2. Definition of the datum point; position of centre of gravity limits.

3. Aircraft loading and centre of gravity computation prior to and for duration of flight.

4. Information contained in Certificate of Airworthiness and associated documents.

5. Aircraft performance with respect to speed limitations.

6. The procedure to be followed in case of emergency, particularly in the event of power plant failure and fire in the air.

7. Knowledge of the Operating or Flight Manual, and Maintenance Inspection Cycles.

AANHANGSEL B.1.1.

TEGNIESE VAKKE VIR DIE EKSAMENS VIR—
LUGLYNVLIEËRSLISENSIE;
SENIOR HANDELSVLIEËRLISENSIE;
HANDELSVLIEËRLISENSIE;
PRIVATE VLIEËRLISENSIE;
BOORDINGENIEURSLISENSIE.

1. Die tegniese eksamen vir die uitreiking en uitbreiding van bogenoemde klasse lisensies is in twee dele, soos volg:—

Deel 1 wat oor algemene vakke handel.
Deel 2 wat handel oor vakke wat meer bepaald betrekking het op die tipe lugvaartuig waarom aansoek gedoen word.

2. Applikante wat vir eksamen vir die uitreiking van 'n lisensie aangeneem word, moet vrae beantwoord om hulle kennis te toon van die vakke wat in dele 1 en 2 hieronder genoem word.

3. Applikante wat vir eksamen vir 'n verdere graad by hulle lisensie aangeneem word, moet vrae beantwoord om hulle kennis te toon van slegs daardie vakke wat in deel 2 hieronder genoem word.

DEEL 1.—ALGEMEEN.

1. Eerste beginsels van vliegleer, woordomskrywing, bv. lugstroming, kragte wat op 'n lugvaartuig werk, reguit en gelyk vlug, verhouding tussen snelheid en invalshoek, instelhoek, verhouding/draagkrag/weerstand, stabiliteit, drukmiddelpunt, klappe en splete.

2. Eienskappe van lug, digtheid, druk, verwantskap tussen druk, digtheid en temperatuur, en die invloed daarvan op die prestasie van 'n lugvaartuig en sy motor, isotermiese atmosfeer, internasionale standaardatmosfeer.

3. Wat gedoen moet word by 'n ernstige defek of 'n harde landing.

4. Die beginsels waarvolgens motore, hul samestellende dele en toebehorens werk.

5. Omskrywing van die terme met betrekking tot lugskroewe; die funksie van regulateur-, volsny- en remskroewe.

6. Bewegingsrigting van stuurmiddels; beginsels van die werking en funksie van stel-, hulp- of balanseervlakke.

7. Elementêre kennis van elektrisiteit en magnetisme; woordomskrywing, bv. volts, ampères, ohms, watts, wissel- en gelykstroom, die laai en werking van lugvaartuigbatterye.

DEEL 2.—TEGNIESE EKSAMEN OOR TIPE LUGVAARTUIG WAAROM AANSOEK GEDOEN WORD.

OPMERKING.—Die eksamen in die volgende vakke is beperk tot die tipe lugvaartuig ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.

1. Bedryfsgrense van die lugvaartuig, met inbegrip van sy motore.

2. Omskrywing van die uitgangspunt; grense van swaartepuntsligging.

3. Belading van lugvaartuie en berekening van swaartepunt voor en vir die duur van die vlug.

4. Inligting vervat in lugwaardigheidsertifikaat en verwante dokumente.

5. Prestasie van lugvaartuig met betrekking tot snelheidsbeperkings.

6. Wat gedoen moet word in geval van nood, veral in die geval van 'n kragbrondefek en brand in die lug.

7. Kennis van die bedienings- of vlieghandboek en van onderhoudsinspeksiebeurte.

8. Operation of flying controls, trimming, servo or balance tabs and alternative devices.

9. Normal and emergency systems for operating the landing gear and flaps, including a working knowledge of the systems.

10. The pneumatic pressure and vacuum system, location and functioning of the pumps and important units. Ground tests for correct functioning.

11. The pressuration, heating and ventilating system, including a working knowledge of the principle components; the regulation of pressure, temperature and humidity.

12. The operation and functioning of the de-icing system including the main units; duration of the supply.

13. The wheel brake system; pressures, defects liable to reduce the operating efficiency. Knowledge of the alighting gear shock-absorbing system.

14. A knowledge of the fuel system, including the location and function of all important units incorporated in the system.

15. The location and capacity of the fuel tanks, including supplementary schemes where applicable; the means of ascertaining fuel consumption en route.

16. A knowledge of the oil system, including capacity of the tanks; the location and function of all important units incorporated in the system.

17. The coolant system, where applicable, and the recommended range of temperature to be maintained under various circumstances.

18. A general knowledge of the electrical system, voltage and amperage in particular circuits; position and current carrying capacity of fuses, circuit breakers and main units in the installation; importance of using and method of replacing correct fuses and re-setting of circuit breakers.

19. The functioning of electrical engine starters and generators; location and checking of security and condition of batteries; action to be taken in the case of failure of any unit in the electrical system.

20. Flight planning based on loading and performance charts, fuel consumption and engine power curves Control of power output and the computations involved.

21. The operation and elementary principles of the automatic pilot, including the method of engagement and disengagement, emergency release and power source, as applicable.

22. A working knowledge of the principles of operation of the engine instruments.

23. Characteristics of particular engines and their component parts and accessories and methods of control used therefor.

24. Types of fuel and oil used and refuelling procedures.

25. Operation and control of propellors fitted to the particular power plants.

26. Applicants for a flight engineer licence will, in addition to the above, be required to answer questions to demonstrate their knowledge of—

(*a*) general principles of maintenance as applied to aircraft normally requiring a flight engineer; and

(*b*) methods of effecting in flight minor repairs, adjustments and replacements.

8. Bediening van stuurmiddels, stel-, hulp-, of balanseervlakke en alternatiewe toestelle.

9. Standaard- en noodstelsels vir die bediening van die onderstel en klappe, met inbegrip van 'n praktiese kennis van die stelsels.

10. Die pneumatiese en vakuumstelsel, die posisie en werking van die pompe en belangrike eenhede. Grondtoetse met die oog op die behoorlike werking daarvan.

11. Die druk-, verwarmings- en ventilasiestelsel, met inbegrip van 'n praktiese kennis van die vernaamste onderdele; die reëling van die druk, temperatuur en voggehalte.

12. Die bediening en werking van die ysbestrydingstelsel, met inbegrip van die vernaamste eenhede; duur van die toevoer.

13. Die wielremstelsel; druk en defekte wat die werkrendement kan verminder. Kennis van die landingsveerstelsel.

14. Kennis van die brandstofstelsel, met inbegrip van die posisie en werking van alle belangrike eenhede in die stelsel.

15. Die posisie en houvermoë van die brandstoftenks, met inbegrip van die aanvullende skemas waar van toepassing; die bepaling van brandstofverbruik onderweg.

16. Kennis van die oliestelsel, met inbegrip van die houvermoë van die tenks; die posisie en werking van alle belangrike eenhede in die stelsel.

17. Die koelstelsel waar van toepassing, en die aanbeveelde temperatuurpeil wat onder verskillende omstandighede gehandhaaf moet word.

18. Algemene kennis van die elektriese stelsel, spanning en stroomsterkte in bepaalde kringe; posisie en stroomvoervermoë van sekerings, stroomverbrekers en hoofeenhede in die installasie; die belangrikheid daarvan om die regte sekerings te gebruik en hoe om dit te vervang en hoe om stroomverbrekers weer te stel.

19. Die werking van elektriese motoraansitters en generators; die posisie van batterye en hoe om vas te stel dat dit stewig vas en in goeie toestand is; wat gedoen moet word ingeval 'n eenheid in die elektriese stelsel defek raak.

20. Vliegplanne gebaseer op ladingsvoorskrifte en prestasiediagramme, brandstofverbruik en motorvermoëkrommes. Reëling van die uitgangskrag en die berekenings daarby betrokke.

21. Die bediening en eerste beginsels van die stuuroutomaat, met inbegrip van die wyse van in- en uitskakeling, nooduitskakeling en kragbron waar van toepassing.

22. 'n Praktiese kennis van die werkingsbeginsels van die motorinstrumente.

23. Eienskappe van bepaalde motore, hul samestellende dele en toebehorens en die metodes wat vir die beheer daarvan gevolg word.

24. Tipes brandstof en olie wat gebruik word en bunkerprosedures.

25. Werking en bediening van skroewe van bepaalde kragbronne.

26. Applikante wat om 'n boordingenieurslisensie aansoek doen, moet benewens bogenoemde vereistes vrae beantwoord om hul kennis van die volgende te toon—

(*a*) algemene onderhoudsbeginsels soos toegepas op lugvaartuie waarvoor daar gewoonlik 'n boordingenieur nodig is; en

(*b*) metodes om kleinere reparasies, verstellings en vervangings gedurende vlugte uit te voer.

APPENDIX B.2.

REQUIREMENTS FOR AND PRIVILEGES AND RATINGS OF AIRCRAFT MAINTENANCE ENGINEER LICENCES.

B.2.1. GENERAL.

The categories and ratings of categories in respect of which licences may be granted, and the privileges of such licences, shall be as detailed in paragraphs B.2.2 and B.2.3 respectively.

B.2.2. CATEGORIES AND RATINGS.

(1) *Category A (Class II Licence) and Category B (Class I Licence).*—The ratings of these categories are:—

(*a*) *Aeroplanes.*—Licences may be granted for all types of aeroplanes, either singly or in groups, registered in the Republic.

(*b*) *Helicopters.*—Licences may be granted for all types of helicopters, either singly or in groups, registered in the Republic. A licence in Category A will not be granted except in conjunction with a licence in Category C to cover the particular type of engine installed.

(*c*) *Gliders.*—Licences may be granted for gliders only, either singly or in groups, registered in the Republic in either the public transport, public transport of cargo, aerial work or industrial aid category.

(2) *Category C (Class II Licence) and Category D (Class I Licence).*—The ratings of these categories are:—

Engines.—Licences may be granted for all types of engines, either singly or in groups, installed in Republic aircraft. A licence in Category C to cover the certification of an engine in a helicopter will not be granted except in conjunction with a licence in Category A to cover the particular type of helicopter in which the engine is installed.

(3) *Category X (Class I Licence).*—The ratings of this category are—

(*a*) the installation and compensation of compasses in aircraft;

(*b*) the overhaul, repair, or modification of engine ignition equipment;

(*c*) the overhaul, repair, modification and installation of variable-pitch propellers;

(*d*) the overhaul, repair, modification and installation of aircraft and engine instruments, including or excluding electrically operated instruments;

(*e*) the overhaul, repair, modification and installation of electrical equipment;

(*f*) the overhaul, repair, modification and installation of automatic pilots.

B.2.3. PRIVILEGES.

(1) *Category A (Class II Licence).*—The privileges of the holder of a Class II licence in Category A are—

(*a*) certification as to the fitness for flight of an aircraft (excluding its engines) for which a certificate of airworthiness is about to be issued or renewed;

(*b*) certification, in the manner prescribed in regulation 9.3 as to the safety for flight of an aircraft (excluding its engines);

(*c*) certification, in the log book, of work done under the appropriate sections of the maintenance schedules approved by the State in which the aircraft is registered; and

(*d*) certification, in the log book, of repairs approved as minor repairs, of modifications approved as minor modifications, and of the replacement of approved components and parts, including instruments.

BYVOEGSEL B.2.

VEREISTES VIR VLIEGTUIGONDERHOUDSINGENIEURSLISENSIES EN VOORREGTE EN GRADE.

B.2.1. ALGEMEEN.

Die kategorieë en grade kategorieë ten opsigte waarvan lisensies uitgereik kan word, en die voorregte van daardie lisensies is onderskeidelik soos in paragrawe B.2.2 en B.2.3 uiteengesit.

B.2.2 KATEGORIEË EN GRADE.

(1) *Kategorie A (lisensie klas II) en kategorie B (lisensie klas I).*—Die grade van hierdie kategorieë is soos volg:—

(*a*) *Lugvaartuie.*—Lisensies kan uitgereik word vir alle tipes lugvaartuie, ditsy vir een alleen, of in groepe, wat in die Republiek ingeskryf is.

(*b*) *Helikopters.*—Lisensies kan uitgereik word vir alle tipes helikopters, ditsy vir een alleen, of in groepe, wat in die Republiek ingeskryf is. 'n Lisensie in kategorie A sal nie toegestaan word nie, tensy saam met 'n lisensie in kategorie C ten opsigte van die bepaalde tipe motor wat geïnstalleer is.

(*c*) *Glyvliegtuie.*—Lisensies kan slegs uitgereik word vir glyvliegtuie, ditsy vir een alleen, of in groepe, wat in die Republiek ingeskryf is in die kategorie openbare vervoerdiens, openbare vragvervoer, handelsondernemings of nywerheidshulpondernemings.

(2) *Kategorie C (lisensie klas II) en kategorie D (lisensie klas I).*—Die grade van hierdie kategorieë is soos volg:—

Motore.—Lisensies kan uitgereik word vir alle tipes motore, ditsy vir een alleen, of in groepe, wat in Republieklugvaartuie geïnstalleer is. 'n Lisensie in kategorie C ten opsigte van die sertifisering van 'n motor in 'n helikopter sal nie toegestaan word nie, tensy saam met 'n lisensie in kategorie A ten opsigte van die bepaalde tipe helikopter waarin die motor geïnstalleer is.

(3) *Kategorie X (lisensie klas I).*—Die grade van hierdie kategorie is soos volg:—

(*a*) Die installering en kompensering van kompasse in lugvaartuie.

(*b*) Die nasiening, herstelling of verandering van motorontstekingsuitrusting.

(*c*) Die nasiening, herstelling, verandering en installering van bestuurbare skroewe.

(*d*) Die nasiening, herstelling, verandering en installering van lugvaartuig- en motorinstrumente, met inbegrip of met uitsondering van elektriese instrumente.

(*e*) Die nasiening, herstelling, verandering en installering van elektriese uitrusting.

(*f*) Die nasiening, herstelling, verandering en installering van stuuroutomate.

B.2.3. VOORREGTE.

(1) *Kategorie A (lisensie klas II).*—Die voorregte van die houer van 'n lisensie klas II in kategorie A is soos volg:—

(*a*) Sertifisering betreffende die vliegdienstigheid van 'n lugvaartuig (uitgesonderd sy motore) waarvoor die uitreiking of hernuwing van 'n lugwaardigheidsertifikaat verlang word;

(*b*) sertifisering op die wyse in regulasie 9.3 voorgeskryf, betreffende die vliegveiligheid van 'n lugvaartuig (uitgesonderd sy motore);

(*c*) sertifisering in die logboek van die werk wat gedoen is ooreenkomstig die geskikte dele van die onderhoudsroosters goedgekeur deur die staat waarin die lugvaartuig ingeskryf is; en

(*d*) sertifisering in die logboek van herstelwerk as klein herstellings goedgekeur, of van veranderings as klein veranderings goedgekeur, en van die vervanging van goedgekeurde onderdele, met inbegrip van instrumente.

(2) *Category B* (*Class I Licence*).—The privileges of the holder of a Class I licence in Category B are—

(*a*) certification in the log book, of the overhaul of an aircraft, excluding its engines but including engine installation; except that the overhaul, repair, or modification of instruments, automatic pilots, variable-pitch propellers, or electrical equipment shall previously have been certified by a person or an association of persons approved for the purpose by the Commissioner for Civil Aviation, or by an aircraft maintenance engineer appropriately licensed in Category X;

(*b*) certification, in the log book, of approved repairs and of approved modifications; and

(*c*) certification of the construction and replacement of components and parts.

(3) *Category C* (*Class II Licence*).—The privileges of the holder of Class II licence in Category C are—

(*a*) certification as to the fitness for flight of the engines in an aircraft for which a certificate of airworthiness is about to be issued or renewed;

(*b*) certification, in the manner prescribed in regulation 9.3 as to the safety for flight of engines in aircraft;

(*c*) certification, in the log book, of work done under the appropriate sections of the maintenance schedules approved in the State in which the aircraft is registered; and

(*d*) certification, in the log book of the embodiment of approved modifications, and the replacement of approved components and parts; provided that this work has not involved dismantling of the engine other than to obtain access to the pistons, cylinders and valve operating gear.

(4) *Category D* (*Class I Licence*).—The privileges of the holder of a Class I Licence in Category D are—

(*a*) certification, in the log book, of the overhaul of engines; except that the overhaul, repair, or modification of engine ignition equipment shall previously have been certified by a person or association of persons approved for the purpose by the Commissioner for Civil Aviation, or by an aircraft maintenance engineer appropriately licensed in Category X; provided that the holder may certify the replacement of mechanical parts of a magneto;

(*b*) certification, in the logbook, of approved repairs and of approved modifications; and

(*c*) certification of the construction and replacement of components and parts.

(5) *Category X* (*Class I Licence*).—The privileges of the holder of a Class I Licence in Category X, according to the ratings in which he is licensed, are—

(xi) 'n lugvaartuie wat onder die kategorieë openbare vervoerdiens of openbare vragvervoerdiens gebruik word, en wat òf gesertifiseer is om 10 passasiers of meer te vervoer òf wat 'n maksimum gewig van 12,500 lb. of meer het, moet onderstaande ekstra uitrusting beskikbaar wees:—
(*a*) 'n Tweede gevoelige hoogtemeter.
(*b*) 'n Tweede lugsnelheidsmeter wat verbind is met 'n afsonderlike pitotkop wat deur hitte of op 'n ander manier teen ysvorming beskerm is.
(*c*) 'n Buiteboordse lugtemperatuuraanwyser met 'n wyserplaat in die stuurkajuit.

(*f*) Vir nagvlugte binne 10 seemyl van die vertrekplek—

(i) navigasieligte soos voorgeskryf in Hoofstuk 16;
(ii) genoeg elektriese lig wat deur die kragbron in die lugvaartuig verskaf word vir die instrumente en uitrusting wat voorgeskryf is en wat verlig moet wees sodat hulle gedurende die vlug gebruik kan word;
(iii) kompas;
(iv) 'n radiotelefoniese send-ontvangtoestel of middel vir optiese verbinding met die verkeersleiding op die grond;
(v) 'n giroskopiese slagsy-aanwyser en langswaterpas of 'n slagsy-aanwyser en 'n langshellingmeter.

OPMERKING.—Die langshellingmeter kan deur 'n stygings- en dalingsmeter vervang word;

(vi) 'n giroskopiese rigtingswyser of draaiaanwyser.

(*g*) Vir nagvlugte van meer as 10 seemyl van die vertrekplek af—

(i) navigasieligte soos voorgeskryf in Hoofstuk 16;
(ii) genoeg elektriese lig wat deur die kragbron in die lugvaartuig verskaf word, vir die instrumente en uitrusting (insluitende kaarte) wat voorgeskryf is en wat verlig moet wees sodat hulle gedurende die vlug gebruik kan word;
(iii) ligte in alle passasiersruimte;
(iv) 'n elektriese flits vir elke lid van die bemanning;
(v) 'n kompas;
(vi) 'n radiotelefoniese send-ontvangtoestel;
(vii) 'n radiokompas of radiopeilraam;
(viii) 'n middel vir optiese verbinding met die verkeersleiding op die grond;

(x) gyroscopic bank and pitch indicator or bank indicator and longitudinal incline indicator.

NOTE.—A rate of climb and descent indicator may replace the longitudinal incline indicator;

(xi) gyroscopic direction indicator or turn indicator;

(xii) landing lights consisting of two single filament lamps or one dual filament lamp with separately energised filaments;

(xiii) aeronautical chart or charts covering the whole route of the proposed flight.

(*h*) For all flights of aircraft operated under the public transport and flying training operations categories—

(i) first-aid kit conveniently accessible to the occupants in cases of need and including at least bandages, antiseptic gauze, adhesive plaster, absorbent cotton, safety pins, tourniquet and haemostatic bandage, scissors, haemostatic forceps, watermiscible antiseptic, analgesic, narcotic stimulant and remedy for burns.

(*i*) For flights of aircraft operated under the public transport or public transport of cargo operations categories and either certificated to carry 7 or more passengers or of a maximum weight of 6,000 lb. or over—

(i) under VFR conditions—radio equipment capable of conducting two-way communication for aerodrome control purposes and of receiving meteorological information at any time during the flight;

(ii) under IFR conditions—radio equipment capable of conducting two-way communication for aerodrome control purposes, of receiving meteorological information at any time during flight and of conducting two-way communication with at least one aeronautical station at any time during flight;

(iii) radio compass;

(iv) timepiece readily visible from the flight radio operator's station;

(v) gyroscopic bank and pitch indicator or bank indicator and longitudinal incline indicator.

NOTE.—A rate of climb and descent indicator may replace the longitudinal incline indicator;

(vi) gyroscopic direction indicator or turn indicator;

(vii) gauge for indicating whether the power supply to the gyroscopic instruments, when fitted, is working satisfactorily;

(viii) sensitive altimeter;

(ix) hand fire extinguisher in each flight crew and passenger compartment and also adjacent to the entrance to any cargo compartment access to which can be gained during flight. Where only one fire extinguisher is carried it shall be readily accessible to the pilot-in-command;

(x) axe in all enclosed cockpit and cabin aircraft, stowed so as to be readily available to the occupants for use in an emergency.

(*j*) For flights on which a flight navigator is required to be carried in terms of regulation 2.9 (1)—

(i) drift indicator;

(ii) outside air temperature indicator with an indicating dial inside the aircraft readily visible from the navigator's station;

(iii) navigation instruments;

(iv) chart table;

(v) when the pilot's instruments are not readily visible from the navigator's station the following instruments shall be duplicated and located at such station:—

(*a*) Air speed indicator.

(*b*) Altimeter.

(*c*) Compass.

(*d*) Timepiece.

(x) 'n giroskopiese slagsy-aanwyser en langswaterpas of 'n slagsy-aanwyser en langshellingmeter.

OPMERKING.—Die langshellingmeter kan deur 'n stygings- en dalingsmeter vervang word;

(xi) 'n giroskopiese rigtingswyser of draaiaanwyser;

(xii) landingsligte wat bestaan uit twee lampe met enkele gloeidraadjies of een lamp met dubbele gloeidraadjies wat afsonderlik verbind is;

(xiii) lugvaartkaart of -kaarte wat die hele roete van die voorgestelde vlug dek.

(*h*) Vir alle vlugte deur lugvaartuie wat onder die kategorieë openbare vervoerdiens en vliegopleiding gebruik word—

(i) eerstehulpuitrusting wat op so 'n plek gebêre word dat die insittendes dit in geval van nood maklik kan bereik en wat minstens verbande, antiseptiese gaas, hegpleister, absorbeerwatte, haakspelde, knel- en bloedstelpverbande, 'n skêr, 'n bloedstelptang, ontsmettingsmiddel wat met water gemeng kan word, 'n pynstillende middel, 'n narkotiese stimulans en 'n middel vir brandwonde, insluit.

(*i*) Vir vlugte deur lugvaartuie wat onder die kategorieë openbare vervoerdiens en openbare vragvervoerdiens gebruik word en wat òf gesertifiseer is om sewe passasiers of meer te vervoer òf wat 'n maksimum gewig van 6,000 lb. of meer het—

(i) onder VFR-toestande—radio-uitrusting wat vir wedersydse verbinding vir vliegveldverkeersdoeleindes en vir die ontvangs van weerinligting te eniger tyd gedurende die vlug gebruik kan word;

(ii) onder IFR-toestande—radio-uitrusting wat vir wedersydse verbinding vir vliegverkeersdoeleindes vir die ontvangs van weerinligting te eniger tyd gedurende die vlug en vir wedersydse verbinding met minstens een lugvaartstasie te eniger tyd gedurende die vlug gebruik kan word;

(iii) 'n radiokompas;

(iv) 'n horlosie wat maklik van die boordradiobediener se sitplek af gesien kan word;

(v) 'n giroskopiese slagsy-aanwyser en langswaterpas of 'n slagsy-aanwyser en langshellingmeter.

OPMERKING.—Die langshellingmeter kan deur 'n stygings- en dalingsmeter vervang word;

(vi) 'n giroskopiese rigtingswyser of draaiaanwyser;

(vii) 'n meter wat aandui of die kragtoevoer na die giroskopiese instrumente, indien aan boord, bevredigend werk;

(viii) 'n gevoelige hoogtemeter;

(ix) 'n handbrandblusser in elke vliegpersoneel- en passasiersruim, asook langs die ingang van enige vragruim waartoe daar gedurende die vlug toegang verkry kan word. As daar net een brandblusser beskikbaar is, moet die gesagvoerder dit maklik kan bereik;

(x) 'n byl in alle lugvaartuie met toe stuurkajuit en kajuit, wat op so 'n plek gebêre word dat die insittendes dit in geval van nood maklik kan bereik.

(*j*) Vir vlugte waarvoor 'n boordnavigator ingevolge regulasie 2.9 (1) nodig is—

(i) 'n afdrywingsaanwyser;

(ii) 'n buiteboordse lugtemperatuuraanwyser met 'n wyserplaat in die lugvaartuig wat maklik van die navigator se sitplek af gesien kan word;

(iii) navigasie-instrumente;

(iv) 'n kaarttafel;

(v) wanneer die vlieër se instrumente nie maklik van die navigator se sitplek af gesien kan word nie, moet die volgende instrumente ook by sy sitplek aangebring word:—

(*a*) 'n Lugsnelheidsmeter.

(*b*) 'n Hoogtemeter.

(*c*) 'n Kompas.

(*d*) 'n Oorlosie.

(*k*) For flights on which a flight engineer is required to be carried in terms of regulation 2.9 (4), the following additional instruments and controls if the pilot's or navigator's instruments are not readily visible or pilot's engine controls are not readily accessible from such engineer's station:—

(i) Engine speed indicator for each engine.

(ii) Oil pressure gauge for each engine.

(iii) Fuel contents gauge.

(iv) Altimeter.

(v) Timepiece.

(vi) Such other gauges and engine controls as may be considered necessary by the Commissioner for Civil Aviation for the particular installation.

(*l*) For flights of aircraft used for dual flight instruction—

(i) when the pilot's instruments are not readily visible from the flight instructor's station, the following additional instruments at such station:—

(*a*) Altimeter.
(*b*) Air speed indicator.
(*c*) Engine speed indicator.
(*d*) Oil pressure gauge.
(*e*) Fuel contents gauge.
(*f*) Compass;

(ii) duplicate controls adequate for the operation of the aircraft from either the instructor's or the pupil's station;

(iii) adequate means of intercommunication between the student and the instructor, except in cases where they sit side-by-side;

(iv) for flying instruction under simulated instrument flight rules and for instruction in night flight operations, the following additional instruments, duplicated at the flight instructor's station if those at the pilot's station are not readily visible to such instructor:—

(*a*) Gyroscopic bank and pitch indicator or bank indicator and longitudinal incline indicator.

NOTE.—A rate of climb and descent indicator may replace the longitudinal incline indicator.

(*b*) Gyroscopic direction indicator or turn indicator.

(*m*) For flights of aircraft operated under the public transport, public transport of cargo, aerial work and flying training operation categories—

(i) when the weather reports available at the time of departure indicate the probability that conditions predisposing to ice formation will be encountered—

(*a*) de-icing equipment fitted to the leading edges of the wings, tail surfaces and control surfaces;
(*b*) safeguards to ensure that any prescribed gyroscopic instruments will continue to function;
(*c*) means of preventing any pilot's direct vision openable window from becoming immovable by reason of ice formation;
(*d*) means of protecting any fixed aerial to ensure that ice accretion will not interfere with the electrical insulation;
(*e*) if a non-retractable direction finding loop is fitted, means of preventing ice accretion thereon;
(*f*) means of heating one of the air speed pitot heads, if more than one fitted, or of otherwise protecting it from ice accretion;
(*g*) if variable-pitch propellers are fitted, means of protecting the mechanism and blades from ice accretion;
(*h*) means of safeguarding the carburettor air intake and interior of the inlet manifold from ice formation or accretion;

(*k*) Vir vlugte waarvoor 'n boordingenieur ingevolge regulasie 2.9 (4) nodig is, onderstaande ekstra instrumente en bedieningsmiddels as die vlieër of navigator se instrumente of die vlieër se motorbedieningsmiddels nie maklik van die ingenieur se sitplek af bereik kan word nie:—

(i) 'n Snelheidsmeter vir elke motor.

(ii) 'n Oliedrukmeter vir elke motor.

(iii) 'n Brandstofmeter.

(iv) 'n Hoogtemeter.

(v) 'n Oorlosie.

(vi) Ander meters en motorbedieningsmiddels wat die Kommissaris van Burgerlugvaart vir die besondere installasie nodig ag.

(*l*) Vir vlugte deur lugvaartuie wat vir dubbelstuuronderrig gebruik word—

(i) wanneer die vlieër se instrumente nie maklik van die vliegtinstrukteur se sitplek af gesien kan word nie, die volgende ekstra instrumente by sy sitplek:—

(*a*) 'n Hoogtemeter.
(*b*) 'n Lugsnelheidsmeter.
(*c*) 'n Motorsnelheidsmeter.
(*d*) 'n Oliedrukmeter.
(*e*) 'n Brandstofmeter.
(*f*) 'n Kompas.

(ii) dubbele stuurmiddels waarmee die lugvaartuig behoorlik van òf die instrukteur òf die leerling se sitplek af bestuur kan word;

(iii) toereikende middels vir onderlinge verbinding tussen die student en die instrukteur, behalwe in gevalle waar hulle langs mekaar sit;

(iv) vir vliegonderrig volgens die vliegvoorskrifte vir skyninstrumentvliegtoestande en vir onderrig in nagvlieëry, die volgende ekstra instrumente wat ook by die vlieginstrukteur se sitplek aangebring moet word as die instrukteur nie dié by die vlieër se sitplek maklik kan sien nie:—

(*a*) 'n Giroskopiese slagsy-aanwyser en langswaterpas of 'n slagsy-aanwyser en langshellingmeter.

OPMERKING.—Die langshellingmeter kan deur 'n stygings- en dalingsmeter vervang word.

(*b*) 'n Giroskopiese rigtingwyser of draaiaanwyser.

(*m*) Vir vlugte deur lugvaartuie wat onder die kategorieë openbare vervoerdiens, openbare vragvervoerdiens, handelsondernemings en vliegopleiding gebruik word—

(i) wanneer die weerberigte wat ten tye van vertrek beskikbaar is, dui op die waarskynlikheid dat toestande wat ysvorming laat ontstaan, teëgekom sal word—

(*a*) ysbestrydingsuitrusting wat aan die voorrand van die vlerke, die stertvlakke en stuurvlakke aangebring is;
(*b*) beskermingsmiddels om te verseker dat 'n voorgeskrewe giroskopiese instrument sal aanhou werk;
(*c*) middels om te voorkom dat die venster wat vir direkte uitsig van die vlieër oopgemaak kan word, weens ysvorming vassit;
(*d*) middels ter beskerming van 'n vaste antenne om te verseker dat ysvorming nie die elektriese isolering sal belemmer nie;
(*e*) as 'n peilraam nie ingetrek kan word nie, middels om ysvorming daarop te voorkom;
(*f*) middels ter verhitting van een van die lugsnelheidspitotkoppe, as daar meer as een is, of om dit andersins teen ysvorming te beskerm;
(*g*) as die lugskroewe bestuurbaar is, middels om meganisme en blaaie teen ysvorming te beskerm.
(*h*) middels om die luginlaat van die vergasser en die binnekant van die inlaatverdeelpype teen ysvorming te beskerm;

(ii) where regular or expected operations are involved with a cabin pressure less than that equivalent to 12,000 feet an adequate supply of oxygen together with suitable apparatus shall be available for the use thereof by passengers and crew in case of need and placed under the control of a member of the crew;
(iii) an adequate emergency supply of oxygen shall also be available for the flight crew on all regular or expected operations at an altitude of 12,000 feet or more above mean sea level whether or not the cabin is pressurized.

(*n*) In all compartments and at all stations where smoking is permitted, adequate number of ash trays of an approved type.

(*o*) For flights other than in seaplanes or amphibians over routes which may be, except during take-off and initial climb, at any point over water beyond gliding distance of the shore—
(i) lifebelt, or equivalent, for each person on board, stowed in a position easily accessible from his seat;
(ii) notices in each compartment stating where the lifebelts are stowed and instructions in how to use them in the event of their being required. The place of stowage to be clearly and prominently marked " Lifebelt " or " Lifebelts " as the case may be;
(iii) pyrotechnical cartridges and firing equipment stowed in a position accessible to the crew when abandoning the aircraft in an emergency and suitable for use by personnel when in the water, for making the pyrotechnical distress and urgency signals prescribed by regulations 17.2 (*b*) and 17.3 (1) (*b*) respectively.

(*p*) For flights over routes which may be at any point over water more than ninety minutes at cruising speed away from the shore—
(i) life saving rafts in such numbers and provided with such live saving equipment as may be considered necessary by the Commissioner for Civil Aviation, and stowed so as to facilitate their being launched in an emergency;
(ii) notices in each compartment stating where life saving rafts are stowed and instructions on how to use them in the event of their being required. The place of stowage to be clearly and prominently marked " Life Saving Raft " or " Life Saving Rafts " as the case may be;
(iii) radio apparatus capable of being operated in emergency after the aircraft has alighted on the water.

(*q*) For flights over sparsely populated areas or regions where search and rescue would be especially difficult in the event of an emergency, signalling devices and life saving means including means for sustaining life of the occupants with food and water, as may be considered necessary.

(*r*) For boat seaplanes of 5,000 lb. or over maximum weight, such fittings and accessories as are necessary for anchoring, mooring and for manoeuvring in harbour, including at least two drogues capable of being paid out astern while the seaplane is being towed.

(*s*) For seaplanes and amphibians, equipment for displaying, when on the water, the lights prescribed in Chapter 16 for preventing collisions at sea.

Non-power Driven.

(2) (*a*) For all flights—
(i) air speed indicator;
(ii) altimeter;
(iii) safety belt for each occupant;
(iv) such additional instruments and equipment as may be determined from time to time by the Commissioner for Civil Aviation.

(ii) in die geval van gereelde of verwagte ondernemings met 'n kajuitdruk van minder as dié gelyk aan die druk op 12,000 voet, moet 'n toereikende hoeveelheid suurstof met geskikte uitrusting daarby beskikbaar wees vir gebruik deur die passasiers en bemanning in geval van nood en dit moet onder beheer van 'n lid van die bemanning geplaas word;
(iii) 'n toereikende noodvoorraad suurstof moet ook beskikbaar wees vir die vliegpersoneel gedurende alle gereelde of verwagte ondernemings op 'n hoogte van 12,000 voet of meer bo die gemiddelde seespieël, hetsy die kajuitdruk gereël word al dan nie.

(*n*) In elke ruim en by elke sitplek waar rook toegelaat word, genoeg asbakkies van 'n goedgekeurde tipe.

(*o*) Vir vlugte, uitgesonderd dié in see- of amfibievliegtuie, langs roetes wat, behalwe by opstyging en aan die begin van die klimvlug op enige plek oor water gaan buite glyafstand van die wal af—
(i) 'n reddingsgordel of die ekwivalent daarvan vir elke persoon aan boord wat op so 'n plek gebêre word dat hy dit maklik van sy sitplek af kan bereik;
(ii) kennisgewings in elke ruim waarin gemeld word waar die reddingsgordels gebêre word en instruksies betreffende die gebruik daarvan ingeval dit nodig is. Die bêreplek moet duidelik en opvallend gemerk wees „Reddingsgordel" of „Reddingsgordels", al na die geval;
(iii) ligkoeëlpatrone en afvuuruitrusting, wat op so 'n plek gebêre word dat die bemanning dit maklik kan bereik wanneer hulle die luvaartuig in geval van nood verlaat en wat geskik is vir gebruik deur die personeel wanneer hulle in die water is, om die nood- en spoedseine met ligkoeëls, voorgeskryf by onderskeidelik regulasies 17.2 (*b*) en 17.3 (1) (*b*), te gee.

(*p*) Vir vlugte langs roetes wat op enige plek meer as neëntig minute met kruissnelheid van die wal af oor water gaan—
(i) soveel reddingsvlotte met dié reddingsuitrusting as wat die Kommissaris van Burgerlugvaart nodig ag en wat op so 'n plek gebêre word dat hulle in geval van nood maklik te water gelaat kan word;
(ii) kennisgewings in elke ruim waarin gemeld word waar die reddingsvlotte gebêre word en instruksies betreffende die gebruik daarvan ingeval dit nodig is. Die bêreplek moet duidelik en opvallend gemerk wees „Reddingsvlot" of „Reddingsvlotte", al na die geval;
(iii) radio-uitrusting wat in geval van nood gebruik kan word nadat die lugvaartuig op die water neergestryk het.

(*q*) Vir vlugte oor dunbewolkte gebiede of streke waar soek- en reddingswerk in geval van nood besonder moeilik sal wees, seinuitrusting en reddingsmiddels, insluitende voedsel en water om die insittendes aan die lewe te hou, soos nodig geag word.

(*r*) Vir vliegbote met 'n maksimum gewig van 5,000 lb. of meer, dié uitrusting en toebehore wat nodig is om die vliegboot in die hawe te anker, vas te meer en te maneuvreer, waaronder minstens twee waterankers wat na agter toe gevier kan word terwyl die vliegboot gesleep word.

(*s*) Vir see- en amfibievliegtuie, uitrusting om, wanneer op die water, die ligte voorgeskryf in Hoofstuk 16 te vertoon om botsings ter see te voorkom.

Sonder motoraandrywing.

(2) (*a*) Vir alle vlugte—
(i) 'n lugsnelheidsmeter;
(ii) 'n hoogtemeter;
(iii) 'n veiligheidsgordel vir elke insittende;
(iv) die ekstra instrumente en uitrusting wat die Kommissaris van Burgerlugvaart van tyd tot tyd bepaal.

(*b*) For predetermined flights of more than 20 nautical miles from the point of departure—

(i) compass;
(ii) aeronautical chart or charts covering the whole route of the proposed flight;
(iii) timepiece if not carried by the pilot-in-command.

(*c*) For aircraft fitted with retractable landing gear—indicator of position of landing wheels or gear.

(*d*) For aircraft operated under the acrobatic operations category—safety harness for each occupant.

(*e*) For flights under instrument flight rule conditions such instruments and equipment as may from time to time be determined by the Commissioner for Civil Aviation.

(*f*) For flights by night within 10 nautical miles from the point of departure such additional instruments and equipment as may be determined by the Commissioner for Civil Aviation.

(*g*) For flights by night of more than 10 nautical miles from the point of departure such additional instruments and equipment as may be determined by the Commissioner for Civil Aviation.

(*h*) For all flights of aircraft operated under the public transport and flying training operations categories first-aid kit conveniently accessible to the occupants in cases of need and including at least—

bandages, antiseptic gauze, adhesive plaster, absorbent cotton, safety pins, tourniquet and haemostatic bandage, scissors, haemostatic forceps, watermiscible antiseptic, analgesic, narcotic and stimulant.

(*i*) For flights over sparsely populated areas or regions where search and rescue would be especially difficult in the event of an emergency, signalling devices and life saving means, including means for sustaining life of the occupants with food and water, as may be considered necessary by the Commissioner for Civil Aviation.

APPENDIX G.

PROHIBITED AND RESTRICTED AREAS.

PROHIBITED AREAS.

G.1. The undermentioned areas are declared prohibited areas and civil aircraft shall not be flown over them: —

(1) *Voortrekker Monument.*—Situated near Pretoria.
Circle ½ nautical mile radius.
Centre Lat. 25° 46′ 35″ S.
Long. 28° 10′ 35″ E.

(2) *The Kruger National Park.*—Situated in N.E. Transvaal. Aircraft may however be flown within corridors consisting of the areas 10 nautical miles each side of the following tracks: —

(*a*) Palmietfontein to Inhambane;
(*b*) Palmietfontein to Beira;
(*c*) Pietersburg to Beira;
(*d*) Pietersburg to Lourenco Marques;
(*e*) Pietersburg to Inhambane;

when aircraft shall be flown at a height not less than 2,000 feet above ground level.

RESTRICTED AREAS.

G.2. The undermentioned areas are declared restricted areas and aircraft shall not be flown over them except at a height exceeding 1,000 feet above ground level: —

(1) *Iron and Steel Corporation Works (ISCOR), Pretoria.*
Circle ½ nautical mile radius.
Centre Lat. 25° 46′ 11″ S.
Long. 28° 07′ 56″ E.

(*b*) Vir vasgestelde vlugte van meer as 20 seemyl van die vertrekplek af—

(i) 'n kompas;
(ii) 'n lugvaartkaart of -kaarte wat die hele roete van die voorgestelde vlug dek;
(iii) 'n horlosie as die gesagvoerder nie een het nie.

(*c*) Vir lugvaartuie met 'n intrekbare landingsinrigting —'n aanwyser wat die stand van die landingswiele of -inrigting aandui.

(*d*) Vir lugvaartuie wat onder die kategorie kûnsvlug-ondernemings gebruik word, 'n veiligheidstuig vir elke insittende.

(*e*) Vir vlugte onder toestande volgens die Instrument-vliegvoorskrifte die instrumente en uitrusting wat die Kommissaris van Burgerlugvaart van tyd tot tyd bepaal.

(*f*) Vir nagvlugte binne 10 seemyl van die vertrekplek af—die ekstra instrumente en uitrusting wat die Kommissaris van Burgerlugvaart bepaal.

(*g*) Vir nagvlugte van meer as 10 seemyl van die vertrekplek af—die ekstra instrumente en uitrusting wat die Kommissaris van Burgerlugvaart bepaal.

(*h*) Vir alle vlugte deur lugvaartuie wat onder die kategorieë openbare vervoerdiens en vliegopleiding gebruik word eerstehulpuitrusting wat op so 'n plek gebêre word dat die insittendes dit in geval van nood maklik kan bereik en wat minstens die volgende insluit: —

Verbande, antiseptiese gaas, hegpleister, absorbeer-watte, haakspelde, knel- en bloedstelpverbande, 'n skêr, 'n bloedstelptang, ontsmettingsmiddel wat met water gemeng kan word, pynstillende middel, verdowingsmiddel en stimulans.

(i) Vir vlugte oor dunbevolkte gebiede of streke waar soek- en reddingswerk in geval van nood besonder moeilik sal wees—seinuitrusting en reddingsmiddels, insluitende voedsel en water om die insittendes aan die lewe te hou, wat die Kommissaris van Burgerlugvaart nodig ag.

BYVOEGSEL G.

VERBODE EN BEPERKTE GEBIEDE.

VERBODE GEBIEDE.

G.1. Ondergenoemde gebiede is tot verbode gebiede verklaar en burgervlugvaartuie mag nie daaroor vlieg nie: —

(1) *Voortrekkermonument.*—Geleë naby Pretoria.
Sirkel straal ½ seemyl.
Middelpunt S.B. 25° 46′ 35″.
O.L. 28° 10′ 35″.

(2) *Die Nasionale Krugerwildtuin.*—Geleë in N.O.-Transvaal. Lugvaartuie kan egter in lugkorridors bestaande uit die gebiede binne 10 seemyl aan weerskante van die volgende roetes vlieg: —

(*a*) Palmietfontein na Inhambane.
(*b*) Palmietfontein na Beira.
(*c*) Pietersburg na Beira.
(*d*) Pietersburg na Lourenco Marques.
(*e*) Pietersburg na Inhambane.

Die lugvaartuie moet dan op 'n hoogte van minstens 2,000 voet bo die grond vlieg.

BEPERKTE GEBIEDE.

G.2. Ondergenoemde gebiede is tot beperkte gebiede verklaar en lugvaartuie mag nie daaroor vlieg nie, behalwe op 'n hoogte van meer as 1,000 voet bo die grond: —

(1) *Werke van die Yster- en Staalkorporasie (YSKOR), Pretoria.*
Sirkel straal ½ seemyl.
Middelpunt S.B. 25° 46′ 11″.
O.L. 28° 07′ 56″.

(2) *Van der Bijl Steelworks.*—Situated near Vereeniging.

Circle 1 nautical mile radius.
Centre Lat. 26° 40′ 10″ S.
Long. 27° 49′ 05″ E.

(3) *Modderfontein Explosives Factory.*—Situated near Kempton Park.

Circle 1 nautical mile radius.
Centre Lat. 26° 04′ 43″ S.
Long. 28° 09′ 35″ E.

(4) *Somerset West Explosives Factory.*—Situated near Somerset West.

Circle 1 nautical mile radius.
Centre Lat. 34° 04′ 50″ S.
Long. 18° 47′ 43″ E.

(5) *Ganspan Explosives Store.*—Situated near Christiana.

Circle 2 nautical miles radius.
Centre Lat. 27° 58′ S.
Long. 24° 47′ E.

(5) *bis Lenz.*—Situated approximately 16 nautical miles south-west of Johannesburg.

Circle 1½ nautical miles radius.
Centre Lat. 26° 19′ 20″ S.
Long. 27° 49′ 10″ E.

(5) *ter. Simonstown.*

Circle 1½ nautical miles radius.
Centre Lat. 34° 12′ 00″ S.
Long. 18° 26′ 00″ E.

(5) *quat. South African Coal, Oil and Gas Corporation, Limited (SASOL) Factory, Sasolburg.*

Circle 1 nautical mile radius.
Centre Lat. 26° 49′ 35″ S.
Long. 27° 50′ 52″ E.

(6) (*a*) *Certain Area in Natal.*—Bounded by straight line drawn from—

Harrismith to Piet Retief;
Piet Retief to Empangeni;
Empangeni to Port Shepstone;
Port Shepstone to Matatiele;
Matatiele to Harrismith.

(*b*) No flight shall be undertaken in the area defined in sub-paragraph (*a*) unless the aircraft is equipped for flights under IFR and icing conditions as prescribed in Appendix F and the pilot-in-command is the holder of a valid instrument rating, when the weather conditions during the period of the proposed flight are, or are officially forecast, to be—

(i) below VFR minima; or

(ii) the cloud base is less than 800 feet above ground on or for a distance of 15 nautical miles measured in the horizontal plane, on either side of the proposed flight track; provided that if VFR minima requirements are met, a flight may be undertaken when the aircraft is flown clear of cloud with not more than 5/10 cloud cover between it and the ground and the base of such cloud is not less than 500 feet above ground.

(2) *Van der Bijl-staalwerke.*—Geleë naby Vereeniging.

Sirkel straal 1 seemyl.
Middelpunt S.B. 26° 40′ 10″.
O.L. 27° 49′ 05″.

(3) *Springstoffabriek, Modderfontein.*—Geleë naby Kemptonpark.

Sirkel straal 1 seemyl.
Middelpunt S.B. 26° 04′ 43″.
O.L. 28° 09′ 35″.

(4) *Springstoffabriek, Somerset-Wes.*—Geleë naby Somerset-Wes.

Sirkel straal 1 seemyl.
Middelpunt S.B. 34° 04′ 50″.
O.L. 18° 37′ 43″.

(5) *Springstofmagasyn, Ganspan.*—Geleë naby Christiana.

Sirkel straal 2 seemyl.
Middelpunt S.B. 27° 58′.
O.L. 24° 47′.

(5) *bis. Lenz.*—Geleë ongeveer 16 seemyl suidwes van Johannesburg.

Sirkel straal 1½ seemyl.
Middelpunt S.B. 26° 19′ 20″.
O.L. 27° 49′ 10″.

(5) *ter. Simonstad.*

Sirkel straal 1½ seemyl.
Middelpunt S.B. 34° 12′ 00″.
O.L. 18° 26′ 00″.

(5) *quat. Fabriek van die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie, Beperk (SASOL), Sasolburg.*

Sirkel straal 1 seemyl.
Middelpunt S.B. 26° 49′ 35″.
O.L. 27° 50′ 52″.

(6) (*a*) *'n Sekere gebied in Natal.*—Begrens deur reguitlyne wat loop van—

Harrismith na Piet Retief;
Piet Retief na Empangeni;
Empangeni na Port Shepstone;
Port Shepstone na Matatiele;
Matatiele na Harrismith.

(*b*) Geen vlug mag in die gebied in subparagraaf (*a*) omskryf, onderneem word nie, tensy die lugvaartuig vir vlugte onder IFR- en ystoestande toegerus is, soos voorgeskryf in Byvoegsel F, en die gesagvoerder in besit is van 'n geldige instrumentvlieggraad, wanneer die weersgesteldheid gedurende die tydperk van die voorgestelde vlug—

(i) benede die minimum VFR-vereistes is of amptelik as sodanig voorspel word; of

(ii) die onderkant van die wolk minder as 800 voet bo die grond is oor of vir 'n afstand van 15 seemyl, gemeet in die horisontale vlak, aan weerskante van die voorgestelde vliegroete; met dien verstande dat as daar aan die minimum VFR-vereistes voldoen word 'n vlug onderneem kan word mits die lugvaartuig bo die wolke vlieg met hoogstens 5/10 wolkbedekking tussen die lugvaartuig en die grond en mits die onderkant van daardie wolke minstens 500 voet bo die grond is.

APPENDIX H.

MEDICAL REQUIREMENTS FOR THE ISSUE AND RENEWAL OF LICENCES, CERTIFICATES AND RATINGS.

H.1. The medical requirements for issue or renewal of the various types of licences, certificates or ratings are divided into—

(1) physical requirements Nos. 1, 2 and 3;
(2) visual requirements Nos 1, 2 and 3;
(3) colour perception requirements Nos. 1 and 2;
(4) hearing requirements Nos. 1, 2, 3 and 4.

H.2. The medical requirements for the issue or renewal of the various types of licences, certificates or ratings are—

(1) *Student Pilot*—
physical requirement No. 3;
visual requirement No. 3;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 4.

(2) *Private Pilot*—
physical requirement No. 3;
visual requirement No. 3;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 4.

(3) *Commercial Pilot*—
physical requirement No. 2;
visual requirement No. 1;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 3.

(4) *Senior Commercial Pilot*—
physical requirement No. 1;
visual requirement No. 1;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 1.

(5) *Airline Transport Pilot*—
physical requirement No. 1;
visual requirement No. 1;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 1.

(6) *Private Glider Pilot*—
physical requirement No. 3;
visual requirement No. 3;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 4.

(7) *Free Balloon Pilot*—
physical requirement No. 3;
visual requirement No. 3;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 4.

(8) *Flight Navigator*—
physical requirement No. 2;
visual requirement No. 2;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 3.

(9) *Flight Engineer*—
physical requirement No. 2;
visual requirement No. 2;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 3.

(10) *Flight Radiotelegraphy Operator (First class or Second class)*—
physical requirement No. 2;
visual requirement No. 2;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 1.

BYVOEGSEL H.

GENEESKUNDIGE VEREISTES VIR DIE UITREIKING EN HERNUWING VAN LISENSIES, SERTIFIKATE EN GRADE.

H.1. Die geneeskundige vereistes vir die uitreiking of hernuwing van die verskillende tipes lisensies, sertifikate of grade word verdeel in—

(1) liggaamlike vereistes Nos. 1, 2 en 3;
(2) gesigsvereistes Nos. 1, 2 en 3;
(3) kleursigsvereistes Nos. 1 en 2;
(4) gehoorvereistes Nos. 1, 2, 3 en 4.

H.2. Die geneeskundige vereistes vir die uitreiking of hernuwing van die verskillende tipes lisensies, sertifikate of grade is: —

(1) *Leerling-vlieër*—
liggaamlike vereiste No. 3;
gesigsvereiste No. 3;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 4.

(2) *Private vlieër*—
liggaamlike vereiste No. 3;
gesigsvereiste No. 3;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 4;

(3) *Handelsvlieër*—
liggaamlike vereiste No. 2;
gesigsvereiste No. 1;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 3;

(4) *Senior handelsvlieër*—
liggaamlike vereiste No. 1;
gesigsvereiste No. 1;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 1;

(5) *Luglyn-transportvlieër*—
liggaamlike vereiste No. 1;
gesigsvereiste No. 1;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 1;

(6) *Private glyvlieër*—
liggaamlike vereiste No. 3;
gesigsvereiste No. 3;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 4;

(7) *Vryballonvlieër*—
liggaamlike vereiste No. 3;
gesigsvereiste No. 3;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 4;

(8) *Boordnavigator*—
liggaamlike vereiste No. 2;
gesigsvereiste No. 2;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 3;

(9) *Boordingenieur*—
liggaamlike vereiste No. 2;
gesigsvereiste No. 2;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 3;

(10) *Boordradiotelegrafis (eerste klas of tweede klas)*—
liggaamlike vereiste No. 2;
gesigsvereiste No. 2;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 1;

(11) *Flight Radiotelephony Operator*—

physical requirement No. 3;
visual requirement No. 3;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 1.

Provided that where—

(*a*) a private pilot or a commercial pilot holds, or wishes to hold, an instrument rating, he should be required to comply with the hearing requirement specified for a flight radio operator;

(*b*) the holder of, or the applicant for, a licence or rating which requires hearing requirement No. 1 fails to meet this requirement but does meet hearing requirement No. 2 and the Commissioner for Civil Aviation is of the opinion that the experience of the holder or the applicant, as the case may be, in radio reception compensates for the hearing deficiency of such holder or applicant, the Commissioner for Civil Aviation may nevertheless issue the licence or rating concerned; and provided further that if the holder or the applicant fails to meet hearing requirement No. 2 but demonstrates his ability to receive radiotelephony signals accurately under practical or simulated practical conditions the Commissioner for Civil Aviation may issue or renew the licence or rating concerned. The practical or simulated practical conditions shall be the receipt of radiotelephony signals in a complex noise background of an intensity level of not less than one hundred decibels, the intensity level of the signals to be eight decibels above the intensity level of the background noise;

(*c*) an air traffic controller is engaged in duties requiring direct visual contact with aircraft he should meet the following requirements:—

Physical requirement No. 3;
visual requirement No. 1 exclusive of ocular muscle balance requirements;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 1;

(*d*) an air traffic controller is engaged in duties concerned directly with the control of aircraft he should meet the following requirements:—

Physical requirement No. 3;
colour perception requirement No. 2;
hearing requirement No. 1;

PHYSICAL REQUIREMENTS FOR LICENCES.

H.3. (1) The medical assessment of physical fitness must always remain largely a matter of personal judgement by the medical examiner. There are conditions which, if present, must necessarily lead to an assessment of unfitness but there are others in which already acquired and demonstrated professional skill, ability and experience as a flight crew member may compensate adequately for the resulting degree of functional incapacity. In the following, which does not purport to contain references to all possible conditions, indications of the former group have been given without qualification and when referring to the latter group, the word " significant " has been used.

PHYSICAL REQUIREMENT NO. 1.

H.4. (1) The medical examination and assessment should be based on the following requirements of mental and physical fitness:—

(*a*) The candidate should be required to have adequate functional use of his four limbs and to be free from any active or latent, acute or chronic, physical disability, that would entail any degree of functional incapacity which is considered by the medical examiner likely to interfere with the safe handling of an aircraft at any altitude throughout a prolonged or difficult flight.

(11) *Boordradiotelefonis*—

liggaamlike vereiste No. 3;
gesigsvereiste No. 3;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 1.

Met dien verstande dat—

(*a*) wanneer 'n private vlieër of 'n handelsvlieër 'n instrumentvlieggraad besit of verlang, hy aan die gehoorvereiste vir 'n boordradiobediener gespesifiseer, moet voldoen;

(*b*) die houer van, of die applikant om, 'n lisensie of graad waarvoor gehoorvereiste No. 1 nodig is, nie daarin slaag om aan hierdie vereiste te voldoen nie maar wel aan gehoorvereiste No. 2, en die Kommissaris van Burgerlugvaart van mening is dat die houer of die applikant, soos die geval mag wees, se ondervinding in radio-ontvangs vergoed vir die gehoorgebrek van so 'n houer of applikant, kan die Kommissaris van Burgerlugvaart desondanks die betrokke lisensie of graad uitreik; en met dien verstande voorts dat as die houer of die applikant nie daarin slaag om aan gehoorvereiste No. 2 te voldoen nie maar sy bekwaamheid toon om radiotelefoonseine akkuraat onder praktiese toestande of praktiese skyntoestande te ontvang, die Kommissaris van Burgerlugvaart die betrokke lisensie of graad kan uitreik of hernu. Onder praktiese toestande of praktiese skyntoestande word verstaan die ontvangs van radiotelefoonseine teen 'n saamgestelde geraasagtergrond van 'n intensiteitsgraad van minstens eenhonderd desibel, terwyl die intensiteitsgraad van die seine agt desibel bo die intensiteitsgraad van die geraasagtergrond moet wees;

(*c*) wanneer 'n lugverkeersleier werksaamhede verrig wat regstreekse sig van lugvaartuie vereis, hy aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Liggaamlike vereiste No. 3;
gesigsvereiste No. 1, met uitsluiting van die vereistes vir oogspierbalans;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 1;

(*d*) wanneer 'n lugverkeersleier werksaamhede verrig wat regstreeks met die leiding van lugvaartuie te doen het, hy aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Liggaamlike vereiste No. 3;
kleursigsvereiste No. 2;
gehoorvereiste No. 1;

LIGGAAMLIKE VEREISTE VIR LISENSIES.

H.3. (1) Die geneeskundige indeling volgens liggaamlike geskiktheid moet altyd grotendeels 'n saak van persoonlike oordeel van die geneeskundige ondersoeker bly. Daar is toestande wat, indien hulle aanwesig is, noodwendig tot 'n verklaring van ongeskiktheid moet lei, maar daar is ander waarby reeds verworwe en bewese vakkundige bedrewenheid, bekwaamheid en ondervinding as lid van 'n vliegpersoneel voldoende kan vergoed vir die gevolglike graad van funksionele ongeskiktheid. Die volgende maak nie daarop aanspraak dat dit alle moontlike toestande dek nie, maar aanduidings van eersgenoemde groepe word gegee sonder kwalifikasie en by verwysing na laasgenoemde groep, word die woord „ beduidend " gebruik.

LIGGAAMLIKE VEREISTE NO. 1.

H. 4.1. (1) Die geneeskundige ondersoek en indeling moet op onderstaande vereistes vir verstandelike en liggaamlike geskiktheid gebaseer wees:—

(*a*) Die kandidaat moet voldoende funksionele gebruik van sy vier ledemate hê en aan geen aktiewe of latente, akute of chroniese, liggaamlike gebrek ly wat enige graad van funksionele onbekwaamheid sou meebring wat na die geneeskundige ondersoeker se mening waarskynlik 'n belemmering sou wees by die veilige hantering van 'n lugvaartuig op enige hoogte vir die duur van 'n lang of moeilike vlug nie.

(*b*) The medical examination should include a full inquiry into the family and personal history of the candidate. The information obtained should be given in a statement made and signed by him and should be taken into consideration by the medical examiner.

(*c*) Examination of the nervous system.

(*d*) (i) The candidate should have no history of significant mental or nervous trouble. He should be required to be free from any mental impairment, pathological tremor, or presumptive evidence of latent epilepsy. He should be required to be free from any progressive disease of the nervous system and from any non-progressive disease of that system, the effects of which are considered by the medical examiner to be of sufficient degree as likely to interfere with the safe handling of an aircraft. Cases in which syphilis, past or present, has affected the central nervous system should be assessed as permanently unfit.

(ii) Cases of simple concussion, or simple fracture of the skull without associated intracranial injury should be assessed as temporarily unfit for a period of not less than two months from the date of the concussion or fracture. When the licence is renewed, it should be valid only for a period of two months in the first instance. Thereafter its validity should be restricted to consecutive periods of two months until the medical examiner reports he has good reason to presume that the after effects of the concussion or fracture are no longer likely to cause a sudden incapacity in flight.

(iii) Cases of head injury associated with intracranial injuries should be assessed as permanently unfit if a local lesion of the brain persists.

(iv) Cases of head injury in which there has been an operation on the skull with loss of bony substance involving the two tables of the cranial vault should be assessed as permanently unfit.

(v) Cases of head injury associated with a lesion of the *dura mater* should be assessed as permanently unfit even if a bonegraft has been done.

GENERAL SURGICAL EXAMINATION.

H.4.1. (2) (*a*) The candidate should neither suffer from any wound, or injury, nor have undergone any operation, nor possess any abnormality, congenital or acquired, which is considered by the medical examiner likely to interfere with the safe handling of an aeroplane at any altitude throughout a prolonged or difficult flight. He should be required to be completely free from hernia.

(*b*) Cases in which there is any significant anatomical or functional lesion in the walls of any part of the digestive tract, any stricture, any calculus or foreign body, any significant peritoneal lesion, established by clinical or laboratory examinations, should be assessed as unfit. A candidate who has undergone a major surgical operation on the biliary passages or the digestive tract, except for appendicitis, which has involved a total or partial excision or a diversion of any of these organs should be assessed as unfit unless a period of one year has elapsed since the surgical operation and the effects of the operation are not considered liable to cause sudden incapacity in the air; provided that this period of one year may be shortened on the production of an attestation made by a surgeon having knowledge of the nature of the disease which necessitated the operation, certifying that no immediate or future after effects are to be feared.

GENERAL MEDICAL EXAMINATION.

H.4.1. (3) (*a*) The candidate should not suffer from any disease or disability which renders him liable to become unable to handle aircraft safely.

(*b*) Die geneeskundige ondersoek moet 'n volledige ondersoek na die familie- en persoonlike geskiedenis van die kandidaat insluit. Hierdie inligting moet in 'n verklaring deur hom afgelê en onderteken, verstrek word en moet deur die geneeskundige ondersoeker in aanmerking geneem word.

(*c*) Ondersoek van die senustelsel.

(*d*) (i) Die kandidaat moet nie voorheen aan 'n beduidende geestes- of senuaandoening gely het nie. Hy moet vry wees van geestesbelemmering, patologiese bewing of tekens van vermoede latente vallende siekte. Hy moet aan geen progressiewe siekte van die senustelsel en geen nie-progressiewe siekte daarvan ly nie as die geneeskundige ondersoeker meen dat die uitwerking daarvan ernstig genoeg sal wees om waarskynlik by die veilige hantering van 'n lugvaartuig 'n belemmering uit te maak. Persone wie se sentrale senustelsel deur sifilis van die verlede of die hede aangetas is, moet as permanent ongeskik verklaar word.

(ii) Persone wat aan eenvoudige skudding of eenvoudige skedelbreuk sonder meegaande intrakraniële beserings ly, moet as tydelik ongeskik verklaar word vir 'n tydperk van minstens twee maande van die datum van die skudding of breuk. Wanneer die lisensie hernu word, moet dit in die eerste plek slegs vir 'n tydperk van twee maande geldig wees. Daarna moet die geldigheidsduur daarvan beperk word tot opeenvolgende tydperke van twee maande totdat die geneeskundige ondersoeker rapporteer dat hy goeie rede het om aan te neem dat die nawerking van die skudding of breuk waarskynlik nie meer tydens 'n vlug 'n skielike onbekwaamheid sal veroorsaak nie.

(iii) Persone met kopbesering wat met intrakraniële beserings gepaard gaan, moet as permanent ongeskik verklaar word as 'n plaaslike letsel van die harsings voortduur.

(iv) Persone met kopbesering wat 'n skedeloperasie ondergaan het met verlies van beenstof, onder andere die twee tafels van die skedelgewelf, moet as permanent ongeskik verklaar word.

(v) Persone met kopbesering wat met 'n letsel aan die *dura mater* gepaard gaan moet as permanent ongeskik verklaar word selfs as 'n beenoorplanting uitgevoer is.

ALGEMENE CHIRURGIESE ONDERSOEK.

H.4.1. (2) (*a*) Die kandidaat moet nòg aan 'n wond of besering ly, nòg 'n operasie ondergaan het, nòg enige abnormaliteit besit, geërf of verwerf, wat na die geneeskundige ondersoeker se mening waarskynlik 'n belemmering sal wees by die veilige hantering van 'n lugvaartuig op enige hoogte vir die hele duur van 'n lang of moeilike vlug. Hy moet aan geen breuk hoegenaamd ly nie.

